
# Kokanje KOLLIG

Desember 2021 Jaartal 36 Nommer 3






Baie dankie dat jy Sanlam vanjaar as jou vennoot gekies het en ons vertrou het om jou te help om vooruit te beplan sodat jy en jou geliefdes met sekerheid kan lewe.

Hier waar ons aan die vooraand van 2022 staan en jy nuwe doelwitte vir jouself stel, is dit die moeite werd om Sekerheidsreël 18 te onthou – dat 'n gemiddelde lewe nie veel beplanning verg nie, maar 'n goeie lewe wel. Want as jy weet wat jy uit die lewe verlang en planne in gereedheid wil bring om dit te bewerkstellig, kan ons jou help om die finansiële sekerheid te verkry wat jy nodig het om jou doelwitte te bereik.

Ons wens jou en jou gesin 'n genotvolle vakansie toe, en sien uit daarna om in die nuwe jaar jou vennoot op jou finansiële reis te wees.



**Jan Hendrik Jacobs**
Prinsipaal
071 895 1502



**Salomé Wessels**
083 371 5949



**Ben Scott**
Direkteur
082 867 2786



**Frik Cloete**
Korttermynversekering
082 951 6278



**Antionette Cloete**
Korttermynversekering
082 563 8148



**Melanie Webb**
Korttermynversekering
072 559 5184

Sanlam
Lewe met sekerheid

Finansiële Beplanning | Beleggings | Versekering | Aftrede | Welvaart

Sanlam is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.

# REDAKSIONEEL

## Die uitdaging van goeie kommunikasie

Kommunikasie was nog nooit so opwindend nie, maar ook nog nooit so ’n groot uitdaging nie.

Om die kanse op blapse te verminder, kommunikeer *só* met die redaksie van Kollig:

**Op papier** (die maklikste manier vir talle inwoners): Plaas briefies en bydraes in die Kollig-vakkie, in die vertrek waar almal se vakkies is.

**Digitaal (elektronies)** (die maklikste manier vir die redaksie):

Stuur 'n e-pos met navrae of artikels en kleurfoto’s aan:

Kolligredaksie@gmail.com

Stuur ’n WhatsApp met kort navrae of mededelings aan:

0825515615 (Fanie Pretorius)

**Bel** hom gratis via WhatsApp - of bel op die ou manier, by dieselfde nommer.

### Kollig se teikendatums vir verskyning is die eerste dag van Maart, September en Desember:

Bydraes moet die redaksie ten minste 14 dae voor daardie datums bereik.

## Lees die Kollig op papier, slimfoon, tablet of rekenaar

**Op papier:**

Nadele: Drukwerk is duur. Veral drukwerk in kleur is duur, daarom word kleur spaarsaam gebruik.

Voordele: Dit is die manier van lees waaraan ons almal vir dekades reeds gewoond is.

**Digitaal (elektronies) op ’n slimfoon, rekenaar of tabletrekenaar:**

Nadele: ’n Mens moet oor ’n rekenaar, tablet of slimfoon beskik, asook oor toegang tot die Internet. Dit is vir baie nog onbekend en dit *klink* na ’n duur manier om te lees en te kommunikeer.

Voordele:
(1) Dit is *aansienlik* goedkoper as papier-Kolligte (vir Kokanje, en dus ook vir elke inwoner).
(2) Dit is gratis beskikbaar op Kokanje se webwerf, asook op MILK.
(3) Aangesien die gebruik van digitale kleur niks meer kos as swart-en-wit nie, word byna alle foto’s in volkleur geplaas.
(4) Die Internet is ‘n enorme bron van vermaak en inligting. Die digitale Kollig maak reeds gebruik van hiperskakels om sulke Internet-bronne vir die leser te ontsluit deur bloot te klik op ‘n prent of op onderstreepte woorde.

**Lees jy hierdie op ’n slimfoon, rekenaartablet of rekenaar wat aan die Internet gekoppel is?**

Klik dan op een van die volgende blokkies en kyk wat gebeur:





***VRYWARING***

Menings is rubriekskrywers en adverteerders se eie en weerspieël nie noodwendig dié van Kollig of Kokanje nie.
Kopiereg van artikels en rubrieke berus by die skrywer. Kollig redaksie behou die reg om artikels en rubrieke te verkort, taal te versorg en vir plasing te keur, sonder om die strekking van die inhoud te verander.

***DISCLAIMER***

Opinions are columnists and advertisers' own and do not necessarily reflect those of Kollig or Kokanje.
Copyright of articles and columns rests with the author. Kollig editorial team retains the right to shorten articles and columns, take care of language and approve for placement, without changing content creation.

# SAKE UIT DIE BESTUURSKOMITEE-VERGADERING VAN OKTOBER 2021

Die Oktobervergadering van die Bestuurskomitee (BK) het 'n hele aantal sake van belang bespreek. Party daarvan is van kritieke belang vir die Oord.

1. Die BK het finale mandate aan sy onderhandelingspan gegee om die uittrede van mnr. Wessel van Heerden as Uitvoerende Bestuurder (UB) af te handel. Die BK stel dit op rekord dat daar geen ongerymdhede of verdenking van ongerymdhede in die uittrede van die voormalige UB is nie. Die proses is onderhandel ingevolge sy kontrak met die BK. Dit was 'n wedersydse proses en albei partye het kundige verteenwoordigers gebruik om die proses af te handel.

2. 'n Bestuurskomitee-taakspan is terselfdertyd aangestel om met behulp van 'n Personeel-konsultant die proses aan die gang te sit om 'n nuwe UB te werf en aan te stel.

3. Interimreëlings vir die take van die UB is getref. Bestuurskomiteelid Johan du Plessis tree op as Uitvoerende Direkteur en senior bestuurders van Kokanje staan hom in die take by.

4. Mnr. Alvar Koning is aangewys as voorsitter van die Finansiële Komitee in die plek van Bestuurskomiteelid Leon de Jager, wat as Voorsitter verkies is. Beide aanstellings geld tot die volgende BK verkiesing in Maart 2022.

5. Die vakante pos op die BK wat deur die bedanking van mnr. Gert Kruger ontstaan het, word nie gevul nie en bly vakant tot die Maart 2022 verkiesing.

6. Die stokperdjielokaal langs die Kokanje werkswinkels sal eers ondersoek word vir die geskiktheid om weer as sodanig gebruik te word. Indien geskik bevind, word dit op tender uitgesit sodat elke inwoner 'n gelyke kans het om lewensreg op die stokperdjielokaal te koop.

7. Verskeie aansoeke van bestaande lewensreghouers is ontvang om baddens na storte om te skakel. Die beleid is dat dit deur Kokanje se voorkeurkontrakteurs en volgens Kokanje-standaarde gedoen word, mits die inwoner daarvoor betaal.

8. Kersliggies: Onderhoud van die kersliggiestelsel is nodig en die beskadigde liggies sal uit die onderhoudsbegroting herstel word. Die Tuinbouklub beoog 'n minikarnaval vir die aand van 27 November wanneer die liggies aangeskakel word. Covid-19 protokol sal geld.

9. Die BK beplan 'n dinkskrum-bosberaad oor die finansiële volhoubaarheid van Kokanje op 18, 19 en 20 Januarie 2022.

10. Die waterverslag van Tegkom is aanvaar. Een en veertig persent van die water is deur die munisipaliteit verskaf en 59% is uit ons eie boorgate voorsien. Die UB sal 'n skrywe aan hoë waterverbruikers stuur waarin hulle versoek word om meer spaarsamig met ons skaars hulpbron te werk. Die boorgate word tans by die Departement van Waterwese geregistreer – 'n wetlike vereiste.

11. Fooitjies aan Elim tuin- en huishulpe: Inwoners moet asseblief nie fooitjies aan hierdie werkers gee nie.

12. Lenings aan huishulpe, tuinwerkers, Kokanje instandhoudingswerkers en Elim werkers: Inwoners word ontmoedig om lenings aan hierdie werkers toe te staan. Die BK kan nie by die saak betrokke raak nie. Onmin tussen die inwoner en die werker wat nie die lening kan terugbetaal nie, kan groot probleme veroorsaak. *"Neither a borrower nor lender be"*, is Shakespeare se raad.

13. Versorgingskomitee: Riglyne vir die hantering van gesinsgeweld in Kokanje word tans deur die Versorgingskomitee opgestel.

14. Die Tegniese Komitee ondersoek tans die koste -implikasies om die kwarantynsaal volledig in 'n versorgingsafdeling van die KE te omskep.

15. Sport en Ontspanning: Die BK het riglyne vir konflikbeslegting in sport-en-ontspanningsklubs opgestel. Die riglyne is op aanvraag by die Kantoor van die UB beskikbaar.

16. Risiko en Strategie: Verskeie inisiatiewe van Bestuurskomiteelid Jan Delport is deur die BK aanvaar. Inwoners sal mettertyd in meer besonderhede hieroor ingelig word.

17. Tender- en kwotasieprosesse: Die teenswoordige beleid met betrekking tot kosteberaming en tenders vir die opgradering van wonings vir herverkope, word tans deur 'n komitee van die BK herondersoek. Die lede is die Bestuurder: Finansies en gepaste lede van die Tegniese Komitee en die Finansiële Komitee.

18. Ou telefoongidse: Inwoners moet asseblief ou telefoongidse by die Debiteureklerk indien vir versnippering. Dit sal verhoed dat inligting oor inwoners in die verkeerde hande beland.

# FROM THE OCTOBER 2021 MANAGEMENT COMMITTEE (MC)

1. The MC, its Labour Consultant and Mr Wessel van Heerden, reached an accord on the ending of his contract as Executive Manager (EM). The MC affirms that no irregularities or legal questions were involved in the process.

2. The MC appointed a task team to lead a process in headhunting and appointing a new EM for Kokanje.

3. MC member Johan du Plessis acts as Executive Director with the help of senior managers to manage the day to day affairs of Kokanje until such time as a new EM is appointed.

4. MC member Alvar Koning becomes Finkom Chair in the place of MC member Leon de Jager, who was elected as Chair of the Board and MC. Both positions will be held until the March 2022 MC elections.

5. The MC vacancy due to the resignation of Mr Gert Kruger will remain vacant until March 2022 MC elections.

6. The hobby workshop next to the workshops is being evaluated whether it should continue as a hobby workshop. If so, it will be put out on tender. All Kokanje life right owners will then be afforded the opportunity to tender for the facility.

7. Changing a bath to a shower facility by existing life right holders, is within the building policy. However, the cost of the changeover is for the account of the life right owner.

8. The Christmas lights are in need of repair. The cost will be covered by the Kokanje maintenance budget.

9. The MC plans a "Bosberaad – Strategy Think Tank" session regarding the financial viability of Kokanje on the 18, 19 and 20 January 2022.

10. Water: 41% of our water was supplied by the municipality in September/October, and 59% from our own boreholes. Please use water sparingly and wisely!

11. Tips: Residents are requested not to tip Elim employees or Kokanje maintenance staff.

12. Residents are also requested not to lend money to, either their own domestic aids or gardeners, nor Elim employees. The MC cannot be involved when disputes arise. "Neither a lender nor borrower be", was the advice of Shakespeare, if not King Solomon.

13. Sorgkom: guidelines to care giving staff for the handling of domestic violence in Kokanje is in the process of being formulated.

14. Tegkom has been tasked with investigating the cost implications of converting the quarantine hall into a full section of the Frail Care Unit (KE).

15. Sport and Recreation: Guidelines for conflict resolution within sport and recreation clubs are now available at the Office of the EM.

16. Risk and Strategy: Various initiatives about risk and strategy were developed by MC Member Jan Delport and was approved by the MC. Residents will be informed of these in due course.

17. Tenders and quotations: The MC is in the process of revisting Kokanje's tender and costing procedures used for the upgrading of houses for sale. A task team is investigating the matter and the results will be put before the MC on an appropriate date.

18. Old telephone registers ("Telefoongidse"): Residents are requested to take old telephone books to the Debtors clerk in the main office to be shredded. We do not want personal information of residents to fall into the wrong hands.



Albert Venter

# "…wat is 'n mens dan dat U aan hom dink,
## 'n mensekind dat U aan hom aandag skenk?" Psalm 8:5

**Wat is 'n mens,** is 'n vraag met baie antwoorde, afhangende van **wie** die vraag vra en **in watter omstandighede** die vraag gevra word. Die omstandighede van 'n mens in die diepte van sy ellende en dié van 'n mens wat triomfantlik op die kruin van 'n oorwinningsgolf ry, is so radikaal verskillend dat die antwoorde wat elkeen op dié vraag sal gee, net so dramaties sal verskil.

Wanneer hierdie vraag **"wat is 'n mens",** in Psalm 8:5 gevra word, is dit binne 'n konteks waar met verwondering na die Skepper en Sy skepping gekyk word. En onafwendbaar kom die vraag dan oor die mens se plek binne hierdie skepping en oor die feit dat God hom hoegenaamd in ag neem. God dink egter nie net aan hom nie; meer nog, Hy maak hom net weinig geringer as 'n goddelike/hemelse wese en gee aan hom die ereposisie as heerser oor Sy skepping. Die antwoord van Psalm 8 op die vraag **"wat is 'n mens"**, is 'n triomfantelike een van 'n mens wat met eer en majesteit beklee is - 'n verhewe mens, 'n mens wat heers oor alles in die skepping en aan wie alles in die skepping ondergeskik is.



Henk Potgieter en Ann

In teenstelling met hierdie positiewe en optimistiese beskrywing van die mens, is dit 'n gans ander antwoord wat op die vraag **"wat of wie is die mens"** gegee word wanneer jy oud en swak is. 'n Mens dink hier veral aan hoe die toé negentigjarige **Elsa Joubert** in haar boek **Spertyd** hierdie vraag op haarself van toepassing gemaak het. Op bladsy 153, in hoofstuk 11, skets sy die wêreld waarin oumense lewe, as 'n skimwêreld – *"En dis 'n illusie, skynbeeld, 'n fantoom. 'n Weerkaatsing van die werklikheid. En neëntig is opeens 'n vreeslike grens om oor te gesteek het. Nou is jy finaal uit die lewe, nou word grepies jou gegun, maar die werklike lewe is elders".*

Wanneer 'n mens noodgedwonge 'n tyd lank in 'n hospitaal moet verwyl en jy sien wat met 'n mens in 'n hospitaal gebeur, kom hierdie vraag **"wat of wie is die mens?"** onwillekeurig by jou op. Hiér, en in hierdie omgewing, sien jy die mens, in al sy blootgesteldheid, in al sy broosheid, ja, in al sy oorgelewerdheid. Hierdie beeld van die mens in sy swakheid en sy beperktheid is verder deur die Covid-19 pandemie versterk en daar hang 'n vraagteken oor sy plek as heerser in die wêreld en in die heelal.

In aansluiting by hierdie sobere sienings van die mens in ouderdom en siekte, word die vraag **"wat of wie die mens is"** in hoofstuk 19:5 van die Johannes Evangelie, op 'n totaal ander manier beantwoord. Pilatus, die Romeinse prokurator, moet oordeel oor 'n man wat deur die Jode daarvan beskuldig word dat hy hom as koning voordoen. Pilatus laat die man, Jesus, gesel, terwyl die Romeinse soldate hom met 'n doringkroon kroon, 'n riet in sy hand stop en 'n verbleikte rooi soldatemantel om sy skouers hang. Pilatus laat Jesus buitentoe kom en stel hom aan die Jode voor met hierdie, nou beroemde en bekende woorde: **"Kyk die mens"**. Dit is veral die weergawe daarvan in die Vulgaat: in Latyn ***"Ecce Homo",*** wat in die Teologie en die kerke weerklank gevind het en wat deur die eeue groot bespreking uitgelok het oor wat dit presies sou beteken. Die woorde kry sy trefkrag omdat dit ironies bedoel is, want voor die leierpriesters en tempelwagte word Jesus in Sy ellende en vernedering ten toon gestel. In plaas van 'n majestueuse koning in sy volle koninklike glorie, soos wat die aanklag van die Jode teen Jesus lui, staan daar 'n bejammerenswaardige mens met wie die spot gedryf word – 'n mens met 'n doringkroon op sy kop, 'n riet in Sy hand en 'n rooi soldatemantel om Sy skouers – 'n ellendige mens, 'n betreurenswaardige figuur. Hierdie mens is

beslis nie die heerser volgens Psalm 8 nie, maar ’n spotkoning, ’n vernederde mens. Daarom sing ons in Lied 389 van die Liedboek: *“Is dit, is dít my Koning – kyk daar, aanskou die Mens”!* Heeltemal ’n ander siening van die mens as dié in Psalm 8.

Maar is dit nie juis hierdie laaste voorstelling van ’n mens in sy nederigheid, in sy onbelangrikheid, wat Kersfees vir ons as die *ware mens* wil voorhou nie. Die Kersverhaal simboliseer dat, die mens, die ware mens, een van onopgesmuktheid is. Dit vertel vir ons van God se Seun wat as die ”**die Seun van die mens”** Sy tent tussen ons kom staanmaak het (Johannes 1:14), wat Sy koninklike klere verruil het vir doeke, en Sy bed in die Vaderhuis vir ’n krip. Daardeur verkry ons, as Sy volgelinge, ook ’n koninklike status, ’n ereposisie, selfs wanneer ons oud of siek geword het, ja, word ons waarlik mens.

‘n Geseënde Kersgety!

- Henk Potgieter

# PITKOS

Het jy geweet dat Coenie dig? Ja, die sanger Coenie de Villiers!

Of, dat *Sonvanger* se skepper ook sing. Raai wie – Valiant Swart.

Dit en nog baie ander juweeltjies ontdek ek by *Pitkos*.

*Pitkos*, ons eens vergete klub hier in ons vyfster-verblyf het weer tintelend herleef.

Mans en dames kom dra hul gunsteling gedigte voor. Soms met warm emosies, soms met stoute glimlaggies, soos *”kaplaks, dis mis … daar gaan hy weer”* wat almal in die saal weer regop laat sit het.

Ek wil vir Bessie Linde-Van Heerden en almal wat aan die program deelgeneem het, sê: *Baie geluk!*

Ek is weer trots op my Afrikaans en het al die Groot Verseboek nadergetrek om net weer te proe hoe smaak my taal.

Rina Booyens 73A



## *Kolligredaksie en Medewerkers*

*Redakteur en bladuitleg:* Fanie Pretorius
*Logistiek en advertensies:* Marinda en Venter van der Westhuizen, Pieter Knoetze
*Fotografie:* Lourens Durand, Elma Venter, Hetta Uys, Marietjie Botha
*Taalversorging en proeflees:* Fritz Wolff (hoof), Annette van Dyk, Bessie Linde-Van Heerden
*Finansies:* Marion Moir en Jan Delport
*Tikwerk:* Tina Brits, Anneke du Plessis, Paula Nienaber
***Gasskrywers:***
Bekendstelling van nuwe intrekkers: Edelweiss Brits
Medies: Johann Coetzee
Oordbeleid: Albert Venter
Sport en Ontspanning: Annette van Dyk
Versorgingsake: Alta van Dyk

*Bedryfsadviseur:* Leon de Jager

**Voorblad van hierdie uitgawe:**
Foto deur Louise van Zyl
Die kersfeesliggies by Kokanje se ingang het ’n jaarlikse instelling geword. Hierdie foto is enkele jare gelede geneem. Die effek is verkry deur in te zoem terwyl die kamera se sluiter oopbly (“*zoom burst”*).

Dukkers: *Postnet Modimolle*
Die digitale Kollig op die Internet en via MILK: *Blue Sphynx* webdienste

# MOENIE NET OP DIE DOOD WAG NIE!

Hoe ouer `n mens word, hoe meer word jy van die dood as `n lewenswerklikheid bewus. In `n aftree-oord soveel te meer, want jy beleef die nuus van die afsterwe van soveel bekendes. Jou bure verswak, gaan na die versorgingseenheid en na `n tyd blaas hulle die laaste asem uit. Of in die eetsaal word ons aandag gevra vir `n sterfberig. Jy loop by die kennisgewingbord verby en neem kennis van nog iemand se heengaan.

Voorwaar, die dood is nou `n groter werklikheid as vroeër in jou lewe. Voordat jy na `n aftreeoord gekom het was die dood maar altyd `n werklikheid, maar nou is dit `n voortdurende, konfronterende werklikheid.

By die gedenkdiens van een van ons vriende het iemand die volgende opmerking gemaak: “Ons ouers se bos is uitgekap – nou kap hulle in ons bos”. Iemand maak toe die opmerking: ”Dit is erg as hulle in jou ry begin kap.” Wel in Kokanje beleef ons hoe daar meermale in ons ry gekap word.

Met die koms van Covid-19 word ons ook baie meer as voorheen met die dood gekonfronteer. Op die nuus neem jy kennis van nog soveel nuwe sterftes. Jy hoor van bure se kinders wat Covid het en sterf. Ons word ingeënt omdat ons nie wil siek word en doodgaan nie. Ons praat oor die dood, vrees die dood, maar ons kan nie daarvan weghardloop nie. Ons almal sal vroeër of later sterf. Ja daar is wel sommiges wat baie graag wil sterf, maar hulle weet nie waar om die dood te gaan haal nie. Andere weet dat hulle sal sterf, maar doen alles moontlik om nie nou al te gaan nie.


Watter gevoelens wek die gedagte oor doodgaan by jou? Is jy bang, onseker of ontken jy die werklikheid? Is jy ook soos een wat maar net sit en wag om dood te gaan – en die dood wil ook nie kom nie?

Iemand maak die anderdag die opmerking: `n Mens moet nie sit en wag om dood te gaan nie. Jy moet terwyl jy asemhaal vervuld lewe. *”Maar hoe kan ek?”* mag jy vra. As jy nog kan sien - kyk na die groen blaartjies wat hierdie lente verskyn het. Sê vir iemand iets moois. Mevrou, verras jou buurvrou met `n blommetjie of iets lekkers uit jou kombuis. Sing in jou huis al hoor net jy dit. Bel iemand en hoor hoe dit gaan. Bid vir jou kinders, Kokanje en die landsregering. Daar is so baie goeie, mooi dinge wat jy kan doen. So leef jy en bestaan jy nie net nie.



Gielie Combrink en Petro

***Moenie net wag vir wanneer die dood toeslaan nie – leef elke dag wat aan jou geskenk is, voluit*.**



*“Perception and reality are two different things”* — Tom Cruise

*“Persepsie en realiteit is twee verskillende dinge”* — Tom Cruise

# DIE KOKANJE-HULPFONDS

In die September 2020-weergawe van die Kollig het daar ’n volledige jaarverslag van Mervin Burger, wat toe die voorsitter van die Hulpfonds was, verskyn. In sy verslag het Mervin verskeie aspekte van die Hulpfonds toegelig. Sedertdien het ’n jaar verloop waarin heelwat nuwe inwoners hulle intrek in Kokanje geneem het en waarin ons verskeie navrae ontvang het wat daarop dui dat daar onsekerhede bestaan oor die doel en funksionering van die Hulpfonds.

In hierdie berig wil ons probeer om deur middel van pertinente vrae en antwoorde, onduidelikhede oor die Hulpfonds uit die weg te ruim. Die antwoorde op die vrae word meestal direk uit die Grondwet van die Hulpfonds geneem waarvan die jongste weergawe op ’n Algemene ledevergadering van 27 Mei 2021 goedgekeur is. Dit is ’n dokument van vier bladsye, wat die bestaan en die funksionering van die organisasie reglementeer en wat vir enige belangstellende persoon ter insae is.

**Wat is die Hulpfonds?**

Die Hulpfonds is ’n organisasie bestaande uit Kokanje-inwoners wat primêr ten doel het om “hulp aan **finansieel-hulpbehoewende** inwoners van Kokanje te verleen, by wyse van die subsidiëring van die heffing wat maandeliks aan die Bestuurskomitee van Kokanje verskuldig is”.

Die Hulpfonds help dus **slegs** met die subsidiëring van die maandelikse heffing. Volgens ons grondwet, kan ons op geen ander manier help nie – nie met kontantskenkings of -lenings, of met agterstallige heffingsbedrae nie.

**Hoe word die hulp bepaal en vasgestel?**

Wanneer inwoners self vir hulp aansoek doen of laat doen, óf wanneer die Bestuur bewus word dat hulp benodig word, word ’n kundige uit ’n paneel kundiges op die Bestuur afgevaardig om ondersoek na die aansoek in te stel. Ná noukeurige oorweging van die betrokke aansoeker se finansiële omstandighede, word die aanbeveling van die kundige deur die Bestuur oorweeg en goed- of afgekeur. Indien die aansoek goedgekeur word, word ’n bedrag vasgestel en dié goedgekeurde bedrag word maandeliks by die Rekenmeester op die inwoner se heffingsrekening inbetaal. Dié bedrag kan na gelang van omstandighede van tyd tot tyd aangepas word. Hierdie proses word met die grootste omsigtigheid en vertroulikheid gedoen.

**Waar kry die Hulpfonds sy fondse vandaan?**

Fondse word op die volgende maniere gegenereer:

Eenmalige kontantskenkings of gereelde maandelikse aftrekkings deur Kokanje inwoners. Nuwe inwoners word aangemoedig om op hierdie wyse tot die fonds by te dra en so mede-inwoners wat deur omstandighede buite hulle beheer hulpbehoewend geraak het, te ondersteun.

Items wat deur inwoners of hulle familie aan die Fonds geskenk word, word by die Hoekwinkel verkoop.

Wanneer huise ontruim moet word, na inwoners se afsterwe of hulle verskuiwing na die versorgingseenhede, word die inhoud dikwels aan die hulpfonds se Hoekwinkel geskenk. Ons toegewyde, vrywillige personeel/helpers van die Hoekwinkel help dan met die ontruiming van die huis en die verskuiwing van die items na die Hoekwinkel. Hierdie items word dan in die Hoekwinkel verkoop en die fondse wat so gegenereer word, word deur die Hulpfonds aangewend vir die subsidiëring van die heffings.

**Belangrik:** Ons wil graag ’n beroep doen op inwoners wat dit oorweeg om die inhoud van hulle huise, na ontruiming, aan die Hulpfonds te skenk, om dit asseblief na oorleg met u kinders/familie in ’n dokument te bevestig. U kan dan hierdie dokument by Anina Pretorius, die Bemarker van die Oord, ter insae en vir bewaring laat. Indien u hulp met hierdie dokument verlang sal lede van die Bestuur u met graagte bystaan. Dit gebeur ongelukkig dat, nieteenstaande inwoners se uitgesproke wense om die inhoud van hulle huise aan die Hulpfonds te skenk, die huise in so ’n mate gestroop word dat wanneer die Hoekwinkel se personeel/helpers by die huis kom, daar byna niks van waarde oorgebly het nie.

Aangesien die Hulpfonds al vir ’n hele aantal jare bestaan, het die Hulpfonds ook ’n spaarrekening wat minimale rente verdien. Die Hulpfonds is in die proses om te registreer as ’n organisasie sonder winsbejag en wanneer ons die nommer het, sal ons ‘n belegging kan maak waarop ons meer rente kan verdien. Dit sal ons in staat stel om nog beter hulp te kan verleen.

Namens die
bestuur van
die Hulpfonds

Henk Potgieter



# DIE EFFEK VAN DIE COVID-19-PANDEMIE OP DIE INWONERTAL VAN KOKANJE

Drie persent van Kokanje Aftreeoord se inwoners het gesterf as gevolg van Covid-19. Let wel, nie drie persent van die mense wat Covid-19 gehad het nie, maar drie persent van die totale inwonertal.

**Agtergrond:**

Die natuurlike sterftesyfer vir die inwoners van Kokanje van 2016 tot 2019 was gemiddelde 42 mense per jaar. Die natuurlike sterftesyfer van 1 April 2018 tot 30 September 2019 was 62. En toe kom Covid-19.

Die sterftesyfer van 1 April 2020 tot 30 September 2021 was 84. By 28 van hierdie mense is Covid-19 as die oorsaak van dood aangegee.

Daar was dus ´n 35%-toename in sterftes in Kokanje tydens die pandemie, 22 meer as die verwagte natuurlike sterftes, en almal was waarskynlik as gevolg van Covid-19. Die ouderdomme van die mense het gewissel van 69-101 jaar, met ´n gemiddeld van 84,2 jaar.

Die tydperke van afsterwe het ooreengestem met die golwe van die pandemie in die land: 16 Augustus 2019-27 September 2019, Januarie 2021 en 9 Junie 2021-11 Augustus 2021.

**Gevolgtrekkings:**

- Ons weet nie hoeveel van Kokanje se inwoners Covid-19 gehad het nie, want al die inwoners was nie vir die hele tyd woonagtig in Kokanje nie, asimptomatiese mense is nie getoets nie en alle mense met simptome is nie getoets nie.
- Kokanje se inwonertal was 885 mense in Mei 2019, en is tans, in September 2021, 869. Dit is dus duidelik waarom daar baie huise leeg staan. Die Kokanje Eenheid vir Verswakte Inwoners se bedbesetting het in die ooreenstemmende tydperk verminder van ´n 44/45 bedbesetting tot ´n 34/45 bedbesetting.
- 710/869 van die inwoners het tot op hede ‘n entstof ontvang, dit is 81,7%. Ons as ´n groep is dus nog nie veilig nie.
- Discovery Mediese Fonds het op 5 November hul Covid-19-data bekendgestel, met die verblydende nuus dat entstowwe hier in Suid-Afrika ons baie effektief beskerm teen hospitalisasie en afsterwe.
- Die vierde golf kom. Rusland en Engeland loop tans deur, en ons weet nou uit ondervinding dat Suid-Afrika se beurt kom.
- Hoe kan ons as ´n groep veilig bly deur die vierde golf en daarna? Ons moet ons maskers dra en daarna strewe dat 100% van die inwoners ingeënt word. Bly veilig.



Johann Coetzee

# KANSA SÊ DANKIE

Die Kankerverening van Suid-Afrika (KANSA) bedank die Kokanje-gemeenskap vir hulle getroue ondersteuning met die Toktokkie-fondsinsamelingsprojek. Hierdie jaar is ‘n pragtige bedrag van R35 000 aan KANSA oorhandig.

Spesiale dank aan Trudie Kruger wat vir die afgelope 3 jaar as *hooftoktokkie* werksaam was en Elsa Watson wat van hierdie jaar af waarneem as *hooftoktokkie* by Kokanje.

KANSA bly opreg dankbaar vir die mense van Kokanje se positiewe gesindheid teenoor die saak waarvoor KANSA staan en so ook vir elke toktokkie wat sy of haar weg oopsien om van deur tot deur te loop om fondse in te samel. KANSA Waterberg het in 2002 ontstaan - die projek het terselfdertyd in Kokanje begin met Hattie Hattingh as *hooftoktokkie*.

Die Kokanje-gemeenskap samel meer fondse in vir die projek as enige ander gemeenskap in Limpopo.

https://cansa.org.za/


4MOBILITY Homes
Request your FREE home demo TODAY!
FREEDOM MOBILITY SCOOTERS
Get your freedom back with the new "LIFE" Mobility scooter
064 501 9575
info@mobility4homes.co.za
www.mobility4homes.co.za


STUDIO H
THE ART OF HAIR DESIGN
UNISEX SALON
NELSON MANDELA- RYLAAN 27, MODIMOLLE
061 354 0459. HERMAN.STUDIOH@YAHOO.COM
Geseënde Feestyd
NIOXIN
Kadus PROFESSIONAL
WELLA PROFESSIONALS
SYSTEM PROFESSIONAL


WE DON'T JUST SELL CARS,
"WE BUY CARS" TOO!
sell us your car
Auto Investments Middelburg
www.autoimiddelburg.co.za
Contact: Cobus Erwee
066 374 6451


BRING ADVERTENSIE SAAM
VIR 10 % AFSLAG!
Tel: 082 475 7202
Your Hairdresser by Duncan
Ladies and Gents Stylist
Bergstryd
Singel
No 7
PicknPay
Centre
KFC
MBT
Pepe's
Isuzu
5
Gewels
STOP
To Vaalwater
To N1
Van Riebeeck
LS
Eenheid
Paul Kruger str
Bakker str


Cloud Nine.
beds for the rest of your life
Rest Assured
Direk van die Fabriek na jou
in Kokanje, Pretoria en Johannesburg
Laagste Pryse | Aflewering ingesluit in Kokanje
R1500
DUBBEL MATRAS TOPPER
SPAARKAMER ENKEL
BEDDENS
R2999
137 SPRING
TOP BOX
R 4200
92 CLASSIC
100K
R 4990
137 EPIC
125K
R6900
152 CAMDEN
145K
R8600
Pryse vir Matras alleen
Basis R1500
International Traders
Pieter Knoetze. Kokanje S9F
079 041 2878
pieterknoetze13@gmail.com


RENE RICHARDS
071 609 6273
renerichards.food@gmail.com
RENE'S
KITCHEN
SPESIALISEER IN
Spyseniering
Gevriesde etes
Daaglikse etes
Etes vir Kleuterskole
Etes vir Opleidingsgroepe

# MAUREEN SE MYMERINGS

*Maureen Neethling (100F) was o.a. van 2011 tot 2019 Voorsitter van Kokanje se Sosiale Klub. Sy trap steeds diep spore in Kokanje.*

## Soek Geselskap

As ek my lewe kon oordoen, sou daar baie dinge op my pad gekom het waaraan ek meer aandag sou bestee. Soos byvoorbeeld 'n kookkursus by Ina Paarman of Nataniël, maar nie by laasgenoemde vir 'n kookkursus nie – net om 'n vreemde, entoesiastiese wese, met die koddigste sêgoed gade te slaan.

Die foto-albums vertel almal 'n storie maar ek haak vas by 'n foto waar ek op 'n kameel se rug sit tussen die piramides in Egipte. Hierdie ervaring moet ek deel en die onderwys-sindroom neem oor – vertel, verduidelik. Ek vertel van die opgrawings wat steeds gedoen word van mummies, goue beelde en waardevolle potte. Ek het al die aandag wat ek verlang en daar is geen keer aan my dramatiese weergawe van eeue-oue inligting nie, tot die vraag kom: *"Waar in Kokanje het hulle die goed opgegrawe?"* Ek sluk 'n lang sluk aan my tee en sit terug in verwondering.

## Waar draai jou gedagtes?

Vanmiddag was ek in Garlicks in Pretoria, gehoed en gestewel, handskoene, die lot. Die tee is voorgesit deur 'n jong student en ek was "on my best behaviour". Die kaaskoek wat Mona Roets spesiaal vir die geleentheid gebak het, het gesmelt in my mond – ag hierdie "lockdown" het tog sy hoogtepunte.

Ek het in 'n swak oomblik gewonder of ons weer om 'n tafel sal sit en oesters eet. Hierdie swak oomblik moes liewer agterweë gebly het, want die volgende oomblik het Ocean Basket van die hek af gebel met 'n bestelling oesters. Na al die reëlings om die aflewering wettig te maak, was ek pootuit en so ook die ysbed waarop dit voorgesit is.

## Hondekinders

Hoeveel van ons moes ons honde-kinders groet toe ons verhuis het Kokanje toe. Auret Norval se skets, skildery, meesterstuk wat die voorblad van die Kollig Light versier het, het weer ou wonde kom oopkrap. Ek kan sweer sy het my baster terriër *"Sarge"* persoonlik geken. Hierdie talentvolle vrou is 'n aanwins vir Kokanje. Baie geluk – jy het 'n Godgegewe talent. *"Painting is silent poetry – that speaks"*



## Nie Meer Bang Vir 'n Slang Nie

Om bang en verskrik te wees is 'n emosie wat ek jare laas beleef het – totdat 'n adder op my voorstoep kom kuier het. Ek ken 'n slangvanger persoonlik maar dié gedierte gee jou nie tyd om die voortbestaan van sy spesie te respekteer nie. Elke moontlike "inseil"-plek word toegemaak in my huis, maar die sif-voordeur kan moontlik 'n aanloklike ingang wees. Met 'n skerp mes en 'n stuk *"styrofoam"* beplan ek 'n *"geen toegang roete"* vir ongewenste besoekers.

Nikki by die werkswinkel kom tot my redding en stuur 'n bekwame Elias om 'n sif te vervang – maar onder die deur is daar 'n ligstrepie waardeur net die dunste slangetjie, as hy op sy maerste is, kan toegang kry. Elias met 'n yskoue Coke in sy hand, sien my benoudheid en beloof om 'n dun plankie te prakseer wat die ingang sal bemoeilik. Hy vra toe baie simpatiek of die *"bicycle"* my nie sal probleme gee om by die deur uit te kom nie. Die *"bicycle"* is toe my loopkarretjie.

Met vrolike gelag is ons uitmekaar en Elias het toe sommer nog 'n groot Coke onder sy arm huistoe geneem.

## Verhuising

Omdat ek al self aan my lyf die traumatiese ervaring van verhuising beleef het, het ek meer empatie en begrip vir Guy Emslie wat nie wou skuif uit sy bekende gemaksone, Ellisras, nie. Sy bekommerde seuns en sy vrou Blanche kon hom nie maklik laat kopgee vir hierdie besluit, Kokanje toe nie.

Ons het 'n paar insidente gedeel, onder meer 'n toer Oos-Kaap toe waar die ligte een oggend vroeg ingegee het en die Emslies se tasse gepak moes word en ek met 'n flits moes help waar ek kon. Net daar en dan het ek besluit – die laaste toer vir my met 'n onbekende maatskappy. Ons het skaars geland of Blanche en Guy vat die pad Rusland toe. Blanche het hom ondersteun en soos net 'n baie sterk vrou haar man kon bystaan deur dik en dun.

Guy het nou sy sin gekry en verhuis na 'n plek waar hy gelukkig sal wees. Sterkte vir sy mense!

# MAUREEN OOR DIE SOSIALE KLUB VAN 2011 TOT 2019

In Maart 2011 gee Vossie Vorster die Sosiale Klub en sy funksies oor aan die nuwe bestuur. Vossie staan bekend as die *”mannetjies-engel”* en hy het sy naam gestand gedoen. ’n Bankie word ter nagedagtenis aan hom by die Naaldekokerdammetjie opgerig.

Die reglement is saamgestel met voorsiening vir ’n sekretaresse, maar met verloop van tyd verander ons behoefte in hierdie verband.

In 2005 verskyn ’n bundel – *”In my dae ek onthou I”*. Susan Saayman doen hier baie voetwerk. In 2006 verskyn *”In my dae ek onthou II”.*

Ons besluit op ’n tema vir elke jaar:

- 2013: *”Dankbaarheid”*
- 2014: *”Maak ’n verskil”*
- 2015: *”Leef liefde”*
- 2016: *”Verander jou denke en dus jou lewe”*

Van die staatmakerlede ontval ons – Vanda Jooste, Annatjie Meyer, Lettie Nel en Cora Govea - en die leemtes wat hulle laat word nie weer gevul nie.

Daar word ’n paar besluite geneem – maar geen vergaderings met notules vind meer plaas nie:

- Tyd: Elke Vrydagaand Januarie tot Desember: 5 – 6 uur
- Geld: Geen geld ooit gehanteer
- Die Taphuismanne is van onskatbare waarde.
- Die klankmanne is onontbeerlik
- Die “Admin” (stoele en tafels, saal, verhoog – skiet tekort
- Plakkate van sprekers word weekliks geliasseer: datum, spreker se naam, onderwerp, telefoonnommer
- Die kersete sluit die jaar af. Koro Creek se restourant bied ons ’n aantreklike kersete-prys aan

Die verloop van elke Vrydagaand:

* Reëlings word met die spreker getref – verkieslik met ’n persoonlike besoek
* Die hek word verwittig van die aantal gaste
* Ontvang gaste by ingangsportaal en vergesel hulle na die Taphuis – (na ’n drankie is almal op hulle gemak)
* Gaste ontmoet die klankmanne en besluit op verskillende mikrofone
* Die Taphuis sluit om 5 uur en die gaste word verwelkom in die saal
* Die afsluiting vind gewoonlik plaas deur ’n persoon in die gehoor

Die Bestuurskomitee befonds ons vir ’n jaar vir geskenkpakkies, saamgestel deur Ina Lessing. Ons leef die volgende leuse uit: *”’n Suksesvolle lewe word bepaal deur wat jy vir ander kan doen”.*

**Die Bedanking**

Wetend dat ons funksies stiptelik 5 uur afskop, skuif Du Preez Nel stilweg 10 oor 5 in ’n agterste sitplek in. Hy gee voor om baie aandagtig na die spreker te luister. Na afloop van die funksie word Du Preez vanaf die verhoog gevra om die bedankings te doen. Hy sukkel nou nog om my te vergewe vir hierdie verleentheid. Hy was nooit weer laat gewees nie en daar is nie kwade gevoelens nie.

**Die Praatjie Wat Nie Was Nie**

Tiny van Supa Quick word genader om te kom praat oor punte en ”plugs” en wielbalansering wanneer ons met vakansie gaan. Alles verloop glad met ’n verwelkoming en toe hy aan die woord gestel word, het hy net gesê hy “praat nie oor die onderwerp nie”, hy het sy “eie agenda”. Konsternasie!

*”Die Taphuis is gratis oop tot verdere kennisgewing”.* Die KE word R500 in die hand gestop en die hele ingangsportaal lê vol biltong en grondboontjiedoppe en die manne het almal in hulle tyd vir die beste rugbyspan uitgedraf. Die manne wie se karre nie reg *”getune”* was nie, het dié aand huis toe geloop !

**Verleentheid**

Die tafels is gelaai met kos en bottels wyn, die klankmanne is op hulle pos, die skerm is gesak vir ’n filmvertoning en die gaste draai! Chris Shepherd draf rond soos ’n galsiek bok en my hande sweet. Die horlosie tik traag, maar daar sit darem al vier gaste. Ons gaan voort asof die saal vol is en ek ontwikkel ’n stywe nek van omkyk of ek nie nog gaste kan voorkeer nie. Ek bekla my nood by Chris en hy reageer soos ’n berader en vergesel my na my huis. Totdat Trudie bel en vra waar haar man is. Gelukkig het vier mense daardie aand nie honger gaan slaap nie.

Maureen Neethling – 100F

# NAALDWERKKLUB – WINTER/KERSMARK EN TEETUIN

Die dames van die Naaldwerkklub bedank 'n ieder en 'n elk (in Kokanje en Modimolle) dat julle ons uitstallers so pragtig ondersteun het. Ons het vir 18 maande aaneen tuis gewerk tydens die verskillende Covid-inperkingsvlakke en was so opgewonde om aan almal ons handewerk te toon en dit van die hand te sit. Daar was so 'n buitengewoon groot verskeidenheid allerpragtigste items om van te kies en te keur.

Hiermee nooi ons sommer ook alle Kokanje-dames wat nog nie by ons klub aangesluit het nie om vroeg in Januarie 2022 die kennisgewings dop te hou en nader te staan met julle R10 ledegeld, wanneer die flukse en vriendelike lede weer gaan byeenkom.

By ons klub is daar gesellige geselsies, oor en weer uitruil van kennis en tyd om 'n hand- of breiwerkie te doen. Eenmaal 'n maand word daar tee/koffie en 'n eetdingetjie genuttig en eenkeer per jaar bak en verkoop ons saam pannekoek om bykomende fondse in te samel.

Sien jou daar!

- Jenny van der Merwe.



Léta Aucamp, Lonka Bergsma, Rina Wallis, Engela Horn en Tientie Meintjes



Corrie van der Linde



Gerda Janse v Rensburg



Biebie van Zyl

# NAALDWERKKLUB – WINTER/KERSMARK EN TEETUIN



Elsa Watson



Meisie de Beer



Sus Pienaar en Marion Oberholzer



Tina Brits



Lonka Bergsma



Marion Oberholzer (regs) en gaste

# PITKOS

Pitkos het weer drade opgetel en ek verneem 'n pragtige funksie is op die planke gebring. Ek kon nie daar wees nie maar in die gees was ek daar – dankie Bessie Linde (van Heerden) vir jou inisiatief.

As ek mense moet bedank wat Pitkos vir soveel jare ondersteun het, is dit 'n onbegonne taak maar vergun my om Charles van Aardt te noem. Voordat hy dood is, het ek hom vertel van die bankie by die eetsaal wat ons beplan om op te rig vir hom en sy vrou Isabel, en hy het gekom met die aanhaling van **Sheila Cussons** (1922 – 2004) "Dit is nie net 'goed' nie, Heer, dis manjifiek".

Ek is absoluut onbekwaam om oor Sheila 'n storie



saam te flans, maar haar suster se naam was Maureen en sy was by dieselfde skool waar ek gematrikuleer het, -- A.H.M. Pretoria. Charles was 'n groot ondersteuner van dié besonderse vrou, Sheila.

Sy is gebore op die sendingstasie Morawië en is van Ierse afkoms. Weens ekonomiese omstandighede is verdere studie bemoeilik. Sy is aangetrokke tot die Katolisisme.

Op 6-jarige ouderdom skryf sy haar eerste versies vir die Jongspan. Sy ontvang op 16-jarige ouderdom 'n beurs en behaal kort daarna haar BA graad. Sy dra elke gedig op aan Opperman vóór publikasie.

In 1943 trou sy met Stoffel Nienaber en skei in 1950. In Amsterdam ontwikkel 'n verhouding tussen haar en N.P. van Wyk Louw.

Sy vestig haar in Spanje en trou met die sakeman Juan de Saladrigas – twee seuns is gebore uit die huwelik.

In Spanje staak sy vir 13 jaar haar skryf- en skilderkuns. *Plektrum* word beskou as die beste poësie-debuutbundel ooit in Afrikaans, wat sy publiseer ná haar 13 jaar onderbreking.

In 1974 beleef sy 'n ernstige brandongeluk – waar sy al haar vingers en 'n been verloor – maar die wil om te bly leef seëvier.

André P. Brink se opmerking oor haar werk is: *"Dit is weelde, dit is oordaad"*.

Sheila sê daar is soveel misterie in die skeppingsproses van 'n gedig. Sy ontvang talle toekennings en ook 'n doktorsgraad. Haar gedigte getuig van 'n dwarreling, 'n dans van woorde waardeur soms 'n straal skiet van daardie rilling wat God is.

Op 25 November 2004 is sy in Nasareth Huis oorlede waar sy tot op die laaste geworstel het op soek na 'n eie stem maar dit was nie net goed nie, dit was manjifiek Heer.

### Amanda Olivier



Mag mens vra – was dit haar tyd? Is dit hoe die lewe werk om jou leeg te tap? Inwoners van Kokanje wat deur die jare gegroei het op jou soos mos, word net dood gevee, uit jou lewe uit. Amanda Olivier het dié week nog die suurstof opsy gestoot en 'n heerlike, positiewe geselsie met my aangeknoop. Jou aansteeklike laggie sal weerklink in elke vertrek waar ons gekuier het en jou positiewe lewensuitkyk sal plek maak vir stukkende harte.

"After sorrow comes joy
After darkness comes light
The best is yet to come"

Maureen Neethling – 100F

# SUSTER PATRICIA SNYDERS



Foto:
Elma Venter

In Oktober 2019 stel Kokanje vir suster Patricia Snyders aan as hoof van Ondersteuningsdienste. In April 2021 word sy bevorder tot Bestuurder Versorging.

Wie is Patricia Snyders? Sy is gebore in Springs, gaan skool toe op Laerskool Christiaan Beyers. In Thabazimbi matrikuleer sy aan die Hoërskool Frikkie Meyer.

Patricia wou van vroeg in haar lewe verpleegster wees. Sy begin haar opleiding as verpleegassistent by Pretoria-Wes Hospitaal en kwalifiseer as stafverpleegster aan die SG Lourens Verpleegkollege. In 2010 kwalifiseer sy as verpleegsuster aan die Garankuwa Nursing College in Algemene Verpleegkunde en Kraamverpleging.

Mettertyd besluit Patricia om na Bela-Bela oor te skuif en toe doen sy sedert 2010 by die St Vincent's Hospitaal algemene verpleegsorg. Sy moes alle soorte verpleging doen: saalsuster, teatersuster, sjirurgie en verswaktesorg.

Wat doen Patricia in haar vryetyd? Lees, blokkiesraaisels, kruisstekiewerk en sy is ook 'n amateurfotograaf. 'n Mooi foto van 'n renoster hang in haar kantoor. Sy kamp graag saam met familie.

Patricia het twee susters. Albei is verpleegsters. Die een werk in Pretoria by 'n bekende patologielaboratorium. Haar tweede suster is in Jeddah in Saoedi-Arabië - sy het 'n gehaltebeheerpos in 'n hospitaal in dié olieland.

Haar ma is in Julie vanjaar oorlede aan Covid-19. Haar pa bly in die dorpie Rooiberg nie ver van ons af nie. Baie Rooiberg-inwoners is reeds in die rustige stand van aftrede.

Hoekom het Patricia Kokanje toe gekom? In Bela-Bela het sy heelwat ouer mense gehelp met hulle verpleegbehoeftes. Daar het sy besef sy hou daarvan om ouer mense (soos meeste van Kokanje se inwoners) te versorg, verpleeg en te help. Sy stel dit so: *"Ek is lief vir ouer mense en toe die geleëntheid kom om 'n aanstelling by Kokanje te kry, het ek besef: dit is wat ek wil doen. Wat is nou lekkerder as om 'n werk te hê wat 'n roeping is?"*

Baie mense gaan kantoor toe omdat hulle moet werk. Patricia kom werk toe omdat dit vir haar 'n plesier is. Mag jy nog lank by ons wees Patricia!



Albert Venter

# Emmerich

Oogkundige | Optometrist

## 111 Thabo Mbeki Drive

## 014 717 4526

**Pensioenaris brilpakette**
**Beste waarde vir geld gewaarborg**

# KOKANJE AFTREEOORD: KLUBS EN BELANGEGROEPE

**ABBA STEUNGROEP**
Kokanje-saal
Laaste Maandag van elke maand 15:00 vir 15:30 tot 17:00.
Kontakpersoon: Hans van der Merwe 102D
(014) 715-2975
E-pos: hans.hillie@vodamail.co.za

**BIBLIOTEEK**
Biblioteek
Maandae en Donderdae 09:00 tot 11:15.
Kontakpersoon: Saartjie Smit 31A
083 283-8236

**BRUGKLUB**
Eetsaal
Maandae, Woensdae en Vrydae 14:00 tot 16:30.
Kontakpersoon: Elsie Nel
082 462 0830
E-pos: elsie.ottonel@gmail.com

**DAMESKLUB**
Verskeie vergaderplekke
Byeenkomste: *ad hoc*. Hou kennisgewingborde dop.
Kontakpersoon: Yvonne Kotzé 101D
082 653-5496
E-pos: ymkotze@gmail.com

**ESTETIESE KOMITEE**
Raadsaal
Twee keer per jaar of na behoefte.
Kontakpersoon: Yvonne Kotzé 101D
082 653-5496
E-pos: ymkotze@gmail.com

**GIMTRIMKLUB**
Sportsaal
Maandae en Donderdae 07:00 tot 07:45.
Kontakpersoon: Adri van Tonder 15A
083 417-4232
E-pos: Adrivantonder15@gmail.com

**JOGAKLUB**
Sportsaal
Vrydae 07:00 tot 08:00
Kontakpersoon: Adri van Tonder 15A
083 417-4232
E-pos: Adrivantonder15@gmail.com

**JUKSKEIKLUB**
Jukskeibane
Dinsdae & Donderdae 14:15 tot 16:45.
Saterdagoggende vanaf 08:30
Kontakpersoon: Pieter Matthyser 96F
082 771-8214
E-pos: matfo.pm@gmail.com

**KLANK-EN-BEELD-WERKSPAN**
Kokanje-saal
Doen aansoek by Tyla le Roux
Bel die kantoor en vra vir haar: 014 715 2033
Of e-pos: admin@kokanjeaftreeoord.co.za
Kontakpersoon: Chris Shepherd 73E
083 628-0508
E-pos: chrisshephome@gmail.com

**KOREK REKENAARKLUB en DIGI-FOTOKLUB**
(Rekenaarhulp*: ad hoc* - soos per afspraak met Jill Cairns, 36C – sel 083 2304574.)
**Korek Rekenaarklub:**
Kontakpersoon: Bill Cairns 36C
083 230-4574
E-pos: bill@cairns.co.za
**Digifotoklub**
Byeenkomste: Lapa
Elke vierde Donderdag van die maand om 18:00.
Kontakpersoon: Chris van Zyl 41E
014 715-2652
E-pos: xrisvzyl@gmail.com

**KRABBELKLUB**
Sportsaal
Donderdae 14:00
Kontakpersone:
Ria Ludick 40D
083 583-0705
E-pos: dieludicks@mweb.co.za
Hannetjie van der Linde 16B
083 923-0944

**KULTUURKOMITEE**
Raadsaal
Vergader eerste Maandag van die maand.
Kontakpersoon: Yvonne Kotzé 101D
082 653-5496
E-pos: ymkotze@gmail.com

Bladsy geborg deur Susan & Michiel Human

# KRABBEL

Dis alombekend dat die krabbelspelers van Kokanje nomades was. Ons was verskuif van die een beskikbare plek na die ander; onbewoonde huise inkluis! Wat speelplek betref het ons van die droë speen tot biltong gesuig.

Gelukkig het Johan du Plessis, destyds ons minister van sport en ontspanning, vir ons 'n permanente speelplek in die sportsaal gekry. Boonop met drie eetkamertafels en 12 stoele; uit ons sokkies geseën!

Toe kom die virus, die deure sluit en alle speletjies op ys geplaas. Wonderwerke gebeur nog en "with immediate effect" gaan deure op 'n skrefie oop en ons krabbelinge kon skaars wag om te begin speel.

Groot was die verbasing toe ons sien dat die virus alles wat pote het kan aanval. 4 stoele het staande gebly, 2 was gebroke en 'n tafel met ses stoele het heengegaan. Ek weet nie waar meubels se heengaan plek is nie maar een ding weet ek wel, al het dit pote kan hulle nie self by die deur uitloop nie. Soos die virus kan meubels ook net deur mense versprei word.

Ons staan nou amper letterlik op ons knieë, want die geel plastiekstoele is te laag vir die houttafels, en ons smeek dat diegene wat per ongeluk 6 houtstoele uit die sportsaal verwyder het dit asseblief moet terugbring! Sovêr ons kennis strek mag niemand Kokanje eiendom sonder toestemming verskuif nie!

Op 'n goeie noot; die tafel het later teruggekeer en een stoel het met behulp van die werkswinkel herstel. Sela

Ria Ludick 40D

---

## NAGAPIES EN ANDER BEHAAGLIKHEDE

So gebeur dit toe een aand terwyl ek die nagapies kos gee. Ek groet hulle eers mooi en noem hulle by die naam. Daar in Hapoor en sy maatjie, Vettie, Mr T en Mrs Y. Daar is ou Bangetjie en Kleintjie en ’n nuwe een wat ek gou Grootman noem.



Wel, die aand staan ek met hulle en gesels en ek hoor ‘n dowwe geluid agter my soos iets wat val. Ek draai versigtig om en kyk wat aangaan. Daar spring een nagapie uit die boom, tot op die vensterbank, in die blombak en na ’n rukkie kom sy te voorskyn met die babatjie in haar bek! Sy sit haar babatjie op die raasblaarstam en kom weer eet. Dis toe al goed skemer, maar ek kan die kleintjie sien en hy klouter te oulik hoër op in die boom. Ag, ek was so opgewonde om dit te sien. Ongelukkig nie ’n kamera in hand om die mooi gebeurlikheidjie af te neem nie.

As ons by die huis is, sorg ek vir iets om te eet. As ek vergeet, dan wag hulle ’n rukkie vir my, daarna is hulle op hulle pad om elders te gaan kos soek.

As mense kom kuier wag ons vir hulle op die stoep tot hulle kom eet. Dan is almal lekker opgewonde om hulle te sien. Dan is daar ook nog die voëls en al my wonderlike buurvroue.

Ek geniet dit hier in Kokanje — en om te dink ek wou aanvanklik nie hier bly nie!

Elsa van Wyk 94E

# KULTUURKOMITEE SE HUISKONSERT 3 - 5 NOVEMBER 2021

Toe die Kultuurkomitee in Augustus die blye nuus kry dat ons streng Covid-beperkings gelig word, het ons weer gedink: Huiskonsert! Marie du Plessis het die uitdaging aanvaar en gesê dat as sy die deelnemers wat aan die aanbiedings wat sy oor die jare aangebied het, kan gebruik om dele van daardie opvoerings aan te bied, sal sy 'n "herinneringskonsert" kan saamstel. En toe gebeur dit! Binne 5 weke – met vier dae se "vol" sale en 'n heerlike huiskonsert as resultaat.

Mimi de Villiers se nuwe koor, begelei deur Ansie van Niekerk, is ook ingespan met 'n pragtige inleiding tot die program. Die tonele uit 'Sound of Music' (3), 'Fiddler on the Roof' (2), 'Annie get your Gun (2), 'Quartet' (1), 'My Fair Lady (3) en 'Mamma Mia' (3) het weer wonderlike herinneringe teruggeroep.

Alle lof aan die deelnemers wat op hul eie geoefen het; aan die klankspan wat die klankbane so professioneel saamgestel het; en natuurlik aan Marie wat die hele produksie bymekaargebring het.

Groot dank aan Hetta Uys vir die reklame met wonderlike uitbeeldings van die tonele uit ons vorige produksies met die pragtige kostuums en dekor. Ons wou graag die agtergrondstonele ook projekteer maar ons toerusting kon nie voorsiening daarvoor maak nie – die probleem was nie ons medewerkers se kundigheid nie!

Aan die 50 inwoners wat op een of ander wyse bygedra het tot die kultuur van Kokanje en tot die geestesgesondheid van ons inwoners, baie, baie dankie.

Yvonne Kotze

Voorsitter Kultuurkomitee





Foto's: Rita Noeth



# THOSE WERE THE DAYS!



Dead Flamingo

Cost of printing covered by donor.

This is the story of two Kokanje residents, Warwick Tarboton and Alastair Moir, who had the privilege of going on a camping trip to the Augrabies Falls, the Kalahari Gemsbok National Park and the Fish River Canyon in July 1958.


At the time, both were Grade 8 pupils at St. Stithian's College in Randburg, and keen birders. Along with two other classmates, they set off with their English teacher, Mr. David Dent, in his Opel station wagon on Monday 14th July 1958. Alastair kept a diary of their adventures, written up in a *"Pretoria Portland Cement"* notebook which again, was just one of those 'things' that kept moving with us along with slides he had taken.

The slides tell the story all on their own: From the smelly dead flamingo at Barberspan, getting stuck in the sandy roads, misreading maps or just getting lost and a few times taking the wrong turn, only realizing the error after travelling 20 odd miles on a bad dirt road, losing all their gear off the roof rack due to the very bumpy roads and melting soap to plug a hole in the fuel tank, to name but a few of the 'experiences' they had. But the descriptions of their travels from Barberspan, to Kuruman, to Augrabies Falls when there was only a 4x4 track into the Falls, are classic – it was just one big adventure! As much as the Opel thought it was a 4x4 at times, even it couldn't make it to the Falls, so our intrepid explorers walked and when they saw the main Falls they all just exclaimed "Gee whiz!"




Fish River Canyon

From Augrabies it was onto the Kalahari Gemsbok National Park – a distance of 207 miles from Upington on a surprisingly good dirt road. In the middle of nowhere they came across a sign saying they were entering the Gemsbok Park and that it was a Reserve. They stayed for three nights at Twee Rivieren camp and due to a cancellation had the luxury of sleeping in one of the Rondavels. Great birding was experienced but they missed the lions that had wandered through the camp during the day! By now their 'rations' were getting low but 'Bully', cold peas, raisins, cheese, tomato sauce and rusks would have to suffice for supper that night! The scanty meal was forgotten though when



Augrabies Falls



Warwick cooking

the Director of Parks of the Union invited them to join himself, his wife and two daughters for a night drive to try and locate the lion again – the vehicle he drove was a 1958 Chev. Station wagon. Mr. Knoble and his family were sitting in front. Mr. Dent, Tom, Warwick and Mr. Knoble's friend in the back and Alastair and Bill in the 'Boot'! They again missed the lions but did see a cheetah.

From the Kalahari it was onto the Fish River Canyon, travelling via Rietfontein and Keetmanshoop. By now they were experts in digging the Opel out of sand! When they were getting close to the Canyon they stopped to ask an old 'vrou' how far they still had to go – she replied 9 miles. Fortunately, there was a danger sign at the 9-mile point to stop them from driving into the Canyon! Another test of their Boy Scout skills was to make a comfortable camp on stony ground, find 'firewood' that was non-existent, to be able to cook but they did it, and another special memory of exploring the Canyon was added to their already long list of bird sightings and just such special times.



Pushing

This trip was such a success that the following year the same group went off on another trip named 'Operation Tosh', and fortunately a diary was kept by Tom Sutcliffe – but that's another story…

Cost of printing covered by donor.



Twee Rivieren



- Marion Moir 64C

# DAMESKLUB 16 NOVEMBER 2021

Sewentig dames het Dinsdagoggend aangesit by ons ronde tafels - almal vrolik en getooi met unieke hoede - die meeste versier met blomme en gehaal bo uit die bệrekas!

Ons eie Annelise Delport het 'n insiggewende praatjie aangebied oor Holistiese Gesondheid - 'n merkwaardige alternatief tot medikasie en dieët en oefening Ons het oopmond geluister. Baie dankie Annelise dat jy jou kennis so interessant met ons gedeel het.

Ons het dit baie geniet om Hetta Uys se foto-collage van ons vorige hoede-oggende op die skerm te sien. Hartseer oor vriende wat ons ontval het en verbaas oor onsself in ons "jonger" dae! Dankie Hetta dat jy ons argief so mooi bymekaarhou.

Toe kom die interessante vertellings van dames oor hul hoede: Dit was lekker deelname en die heerlike botterbroodjies en tee daarna het kans gegee om heerlik te kuier en meer van mekaar te leer ken. Dit was só lekker om weer 'n Damesklub-byeenkoms te kon geniet en ons is so jammer dat ons nie almal kon akkommodeer in die saal nie.

Ons het afgesluit deur die pragtige blomruikers op die tafels te skenk aan die jongste dame aan elke tafel - 'n vrolike einde aan 'n vreugdevolle en ontspanne oggend saam .

- Yvonne Kotzé - Voorsitter

Elsa van Wyk se foto's



Mona Theron



Joey Botha & Susan Saayman



Lulu vd Walt Isabel Bonsma, Elna klopper

# DAMESKLUB 16 NOVEMBER 2021


Cornelia Hine


Rehette Beukes


Bessie van Heerden


Barbara Potgieter


Trienie Vorster



Wilna Brits

# DAMESKLUB 16 NOVEMBER 2021


Sonja Delport


Ann Coetzee


Susan Human


Biebie van Zyl


Rita van der Walt


Marthie Pepler


Matthysen
audiology
Modimolle - Bela-Bela - Mookgophong
GEHOORVERLIES
affekteer nie net ons kommunikasie nie, maar ook ons lewenskwaliteit en gesondheid.
Hou jou ore fiks. Kies 'n gelukkige, gesonde lewe!
Ons kan jou help... 014 717 1139
Kom besoek ons gevestigde praktyk in Kokanje by Dr. Breedt, vir persoonlike en professionele diens.
Herstel & Dienste
Gehoortoetse
Gehoorbeskermers
Verstellings
Wasverwydering
Batterye
Gehoorapparaatpassings
Ondersteunende luistertoestelle
Skeduleer u afspraak by 014 717 1139



'N BAIE GESEËNDE CHRISTUS FEES
VAN ALMAL BY HOTEL NUMBI EN TUIN SUITES
MAG JOU 2022 GEVUL WEES MET VREDE, VRIENDSKAP, BAIE VREUGDE EN LAG
ONS BEPLAN AAN DIE 2022 LAEVELD TOER EN SIEN UIT OM AL DIE INWONERS SAAM TE LAAT TOER
Hotel Numbi
& Garden Suites
Next to the Kruger Park
ESTABLISHED IN 1963




geniet die son hierdie somer
GRATIS
voorskrif-
sonbril
tot en met R3100*
Bepalings en voorwaardes geld.
Koop 1 Kry 1
BELA BELA 014 736 6061
MODIMOLLE 014 717 5448
*Met die koop van 'n volledige oogtoets, voorskrifraam en -lense.
spec savers
VIR BEKOSTIGBARE OOGSORG

# WILDFLOWERS OF THE WATERBERG

Warwick and Michèle Tarboton are to be congratulated with the recent publication of the book *"Wildflowers of the Waterberg"*. They and other Kokanje residents formed part of the editorial team.

This book confirms how fortunate we are to be living in such a unique, beautiful and special part of South Africa.

Marion Moir 64C

# MEELEWING



**Olla van der Walt**
**16 Sep '44 tot 7 Sep '21**



**Johann Neuland**
**7 Okt '43 tot 9 Sep '21**



**Petra Kruger**
**24 Feb '33 tot 12 Sep '21**



**Etzel Driemeyer**
**24 Mrt '39 tot 21 Sep '21**



**Henry de Klerk**
**12 Jul '52 tot 7 Nov '21**



**Anna van der Merwe**
**27 Nov '27 tot 17 Nov '21**


RO3
oasis®
REFRESH, REVIVE, REFILL
MODIMOLLE
oasis
GE-OZONEERD EN
BAKTERIE VRY
oasis
2KG ICE
PENSIONARISSE
SLEGS 90c PER LITER
HERVUL
Terms en Voorvaardes geld
APPLE
STRAW BERRY
petco
SABS APPROVED
FASA
079 743 5023
modimolle@oasiswater.co.za
52 A THABO MBEKI STREET

# INTOG VAN DIE LENTE MET ONS NARTJIEBOOM

Heel aan die begin van my verblyf in Kokanje gedurende Januarie 2020, was die nartjieboom daar – mooi op die grens tussen ons en ons bure - Leon en Riko Snyders.

Die rekord van die boom klink nie goed nie – die nartjies was bra karig en 'asynsuur' – eintlik oneetbaar. Om die waarheid te sê, sou dit beter wees om hom soos die spreekwoordelike "vyeboom" uit te kap en met 'n soet soort te vervang. Gedagtig aan die waternood wat die arme boom die afgelope paar jaar moes deurmaak, verdien hy egter 'n tweede kans met 'n halwe sak skaapmis, Kokanje se kompos en, bykans daagliks, die afspoelwater van die skottelgoed.

Die boom lyk gelukkig en stoot nuwe takkies uit en, so wrintiewaar, teen Junie vanjaar is daar een nartjie, ja slegs een aan die boom, wat begin kleur wys. Leon en ek hou opgewonde die vordering van die nartjie dop en hy is dit ook eens met my lawwe idee dat die pluk daarvan 'n "groot okkasie" vir ons en die boom moet wees. Veertien dae voor die einde van Augustus kondig die boom die koms van die lente aan met derduisende bloeisels wat verskyn. Nodeloos om te sê, die "oesdag" sal op lentedag plaasvind.

Op 1 September 2021 om 16:00 kom ons eendragtig, saam met ons gades, vir die *"pesiale geleentheid"* bymekaar. Met die "*Intog van die Lente"* en "*My Nooi is in 'n Nartjie"* op ons lippe, bestyg Leon die leer terwyl foto's geneem word "om die plukoomblik te verewig". Toe volg die proegeleentheid van 'n kwart nartjie elk vir die teenwoordiges, met 'n bevinding dat daar reeds 'n ondertoon van soetigheid is. Ons drink daarna op ons goeie buurmanskap, ons dankbare nartjie-boom en die klinkende sukses van volgende jaar se "oesdag" met kratte vol nartjies wat ons gaan bemark.



Leon en Riko Snyders asook Babsie Crafford tydens die 'groot oesdag'

*Intog van die Lente* (FAK 1937) Getoonset: B Kutch. Beryming: P H (Flip) Langenhoven.

*My nooi is in 'n nartjie*. Getoonset: P McLachlan. Beryming: D J Opperman

- Tiaan Crafford 110D

# EINDE VAN 'N ERA: GELUKSFONTEIN IN NUWE HANDE

Boer, kaasmaker en getroue adverteerder in Kollig: Christo Venter het sy bokmelkkaasplaas en diere verkoop en gaan na Langebaan verhuis om twee selfsorgakkommodasie-eenhede in te rig en dit vanaf vroeg 2022 te bedryf. Daar is dus geen bok-melkprodukte meer te koop op die plaas Geluksfon-tein of in die hele Waterbergarea nie.

Hou Kollig dop vir sy nuwe advertensie oor verblyf in Langebaan.




- Rita Noeth 72E

# OOGKUNDIGE

## GEORGE VAN DER HOVEN

**Gratis voorskrif sonbril**

Terme en voorwaardes geld

# 066 517 2571

**Bela-Bela | Modimolle | Mookgophong**

TEL: (014) 717 5175
FAKS: (014) 717 5176
SEL: 082 320 8289
E-POS: m-a-c@mweb.co.za

**Modimolle-Auto-Clinic**
**Rupertstraat 4**



Vir gehaltediens en die beste pryse, kom besoek ons gerus. Ons diens enige tipe voertuig. Opknapping van ratkaste, ewenaars, sowel as elektriese herstelwerk van aansittermotors, omsetter's, lugversorgers en bedrading, asook voorbereiding vir padwaardigheidstoetse. Ons bied 10% afslag aan pensionarisse en sal u motor gaan haal en aflewer teen geen ekstra kostes nie. Ons was en stofsuig ook u motor. Baie dankie vir u ondersteuning.



## JOSEF BOTES
### VERVOER



*Sand, Klip, Stene, Vulsel*

OKTAANSTRAAT, INDUSTRIËLE GEBIED
NYLSTROOM

**TEL: (014) 717 3606 (Alle ure)**
**Ferdie : SEL. 082 889 6548**

# DIE LEWE BUITE KOKANJE SE VEILIGE KOKON

Die gesegde *"It's a jungle out there"*, was veral waar in 2020/1. Daar was gevaarlike mense (meedoënlose en genadelose kompetisie of uitbuiters in die besigheidswêreld) en situasies (veral Covid-19 se gevare). Tydens die verskillende fases van die inperking is daar deur sommige Kokanje-inwoners se familie, vriende en kinders gesukkel om te oorleef.

Die gevolg is dat mense diep in hulle bankrekenings moes delf en kinders/kleinkinders finansieel en moreel moes ondersteun. Kennisse van ons het hulle huis ontruim sodat hulle kinders, wat hul huis as gevolg van Covid-komplikasies verloor het, daar kan bly. Die ouers bly nou permanent in hulle karavaan-tentwoning.

Ek en Nick was in die gelukkige posisie om ons dormante geboue-instandhoudingsbesigheid, *Ritanic Trading*, weer op die been te bring en fondse te genereer om ons 2 kinders se totale salarisse vir 'n paar maande te dra en daarna, een van hulle se 1/3, elke maand.

In Johannesburg en Pretoria het byna elke huiseienaar se eiendom dringend instandhouding of reparasies nodig, maar Covid het hulle fondse so uitgeput of die onseker toekoms het almal se beursies dig laat toeklap. Mense was ook skrikkerig om vreemdes in hulle huise toe te laat as gevolg van Covid. Ons was bevoorreg om 14 projekkies te doen en op hierdie manier hulp te verleen aan verskeie huiseienaars en selfs 2 of 3 liefdadigheidswerkies te verrig. Ons was so dankbaar dat die jong handlanger wat oor ons pad gekom het, so fluks gewerk en geleer het om ons met alles te help. Ons gebede is beantwoord - en ons het Ons Vader gevra om groter projekte aan ons toe te vertrou.

Maar, skielik (na 8 maande in Centurion) is die mat van hoop en vertroue onder ons voete uitgeruk. Ons handlanger het summier gedros. Verder, tot ons groot vreugde, het ons seun en sy vrou se werk by die tandheelkundige laboratorium weer toegeneem en ons hoef minder geld elke maand aan hulle oor te betaal.

Nick skakel 'n vriend om hom geluk te wens met sy verjaarsdag. Toe hy hoor dat ons beskikbaar is, deel hy ons mee dat hy al die afgelope tyd naarstigtelik soek na ekstra hulp by 'n groot datasentrum in die Kaap (waar hy en 3 jong ingenieurs uit Johannesburg onverpoos werk om die finale installasies van elektrisiteitsverspreiding, beligting en noodkrag te inspekteer en af te teken vir oorhandiging aan hulle kliënte). Sy woorde: *"Hoe gou kan julle in die Kaap wees?"*

Binne 'n week arriveer ons by hulle gemeubileerde woonstel, reg langs hierdie Raadgewende Ingenieurs se Kaapse kantore. Meeste van hierdie besigheid se mense werk per rekenaar vanaf hulle huise en daar was geen nadelige gevolge as gevolg van Covid nie – inteendeel, hulle is tans besig met 3 datasentrums in Suid-Afrika!

Maar, met versekerde inkomste kom groot verantwoordelikheid: 12-uur werksdae en werk oor naweke. Daar word maskers gedra en OHASA-veiligheidsreëls gehoorsaam, maar wanneer die 800+ werkers op die dataperseel (ongeveer soveel as die inwoners in Kokanje) saamwerk, is dit skouer-aan-skouer, amper gesig-teen-gesig en dieselfde gereedskap word oor-en-weer gebruik! Wonder bo wonder was daar geen Covid-gevalle nie.

Die jong ingenieurs op hierdie dataperseel werk selfs nog langer ure en daar is niemand wat sorg vir gesonde, gebalanseerde etes nie. Duur en ongesonde wegneemetes was hulle voorland, tot Moeder Hen aangebied het om te sorg vir die koop van kruideniersware, gesonde kos op tyd, kospakkies bedags en bederfies tussendeur, sodat hulle 100% op hulle belangrike werk kon konsentreer.

Na ons jaar se werksaamhede in Centurion en die Kaap, rus ons nou weer veilig in Kokanje. Die kersies op die koek: 25+ paar pragtige groen ringnekpapegaaie wat broei in bome in Centurion en die besoek aan die see en besigtiging van pragtige blomme op die Weskus!

Na verneem word gaan daar dalk gedurende Desember weer ongure Covid-verwikkelinge in ons land wees en kinders mag dalk aanhou bakhand staan... Laat ons maar op ons knieë bly, mekaar waardeer en ondersteun, aanhou bid vir mekaar en mekaar se kinders en dat 2022 werklik 'n Geseënde, Gelukkige en Gesonde Nuwe Jaar vir elkeen sal wees.

\- Rita en Nick Noeth

# Eet-, kuier- en oornagplekke wat nie te ver is nie

Met die oog op Desember – 'n tipiese vakansietyd - maar ook met die oog op die hele jaar wat kom, het ons navraag gedoen oor plekke waarheen ons inwoners kan gaan vir 'n uur, 'n dag, vir uiteet of oornag, vir 'n naweek of selfs langer. Dalk wil inwoners alleen daarvan gebruik maak – dalk saam met familie of vriende.

Hans van der Merwe (102D) beveel die volgende plek uit eie ondervinding aan vir vreedsaamheid en rus:
**Arends Rus**, Loskopdam, Mpumalanga (afstand vanaf Kokanje: 174 km)
Eie-kos-akkommodasie, restaurant naby.
https://go2venues.co.za/arendsrus-afr/
go-2@mweb.co.za
082 888 5341

As ander inwoners soortgelyke aanbevelings maak sal ons dit oorweeg vir plasing.

**Ander (nader) opsies, verskaf deur Waterberg Toerisme** (waterbergtourism.com), tel 014 161 0930/1 **en aangevul deur die redaksie:**

**Thaba Kwena Krokodilplaas**
Groot Nylsoog Street, Modimolle
073 466-7113
https://thabakwena.co.za/
wicus@tkwena.co.za
Tye: van 09:00 tot 16:00 daagliks.
Gesluit op 25 en 26 Desember.
Afstand: 25,8 km van Kokanje af.

**Waterberg Zipline Adventures**
Thaba Monate Game lodge, Bela-Bela
073 591-2280 of 082 903-6041
https://waterbergzip.co.za/
info@waterbergzip.co.za
Slegs per afspraak
Afstand: 21,6 km van Kokanje af.

**Bambelela Wildlife Care**
Groot Nylsoog, 20 km buite Bela-Bela
014 736-4090
WhatsApp: 083 454 8441
www.bambelela.org.za
info@bambelela.org.za
Dagbesoeke (per afspraak) of oornag
Afstand: 21,6 km van Kokanje af

**ZA Cheetah Experience**
Plaas 20, R101, Bela-Bela
072 905 3457
https://www.cheetahexperience.com
info@cheetahexperience.com
Afstand: 19,5 km van Kokanje af

**Bateleur Nature Reserve**
Kroonvlei Wilderness Estate, Bela-Bela
www.bateleurnaturereserve.co.za/
bateleurnr@outlook.com
086 152-2262
Afstand: 22,1 km van Kokanje af

**Nylsvley Natuurreservaat**
www.nylsvley.co.za
Spoonbill Restaurant and Tuck Shop is beskikbaar
Marion Mengall kan meer inligting verskaf by 083 455 1736
Afstand: 37,5 km van Kokanje af
Die reservaat is daagliks oop maar die tye verskil van seisoen tot seisoen (sien webwerf)
Om akkommodasie te bespreek:
Tel: 073 068 3180 / 071 057 0828
of e-pos: rathlanes@gmail.com

**Diepdrift Wildsplaas Staptogte**
Kliek hier vir die ligging en roete
Afstand: 48,2 km van Kokanje af
Skakel Anvie Ventures
by 012 662-0586 of 044 696-6585
e-pos info@anvieventures.co.za

**Adventures with Elephants**
Mabuladistrik, Bela-Bela
Afstand: 72 km van Kokanje af
014 734 7730
www.adventureswithelephants.com
E-pos: adventures@zebula.co.za

**Wat van goeie eet– en kuierplekke in ons nabye omgewing? Laat weet ons van jou persoonlike aanbevelings:** Posvakkie of Kolligredaksie@gmail.com

Bladsy geborg deur Corrie Venter

klein namakwa
kwekery
KNK

* Plante
* Potte
*Plaveiselblokke @
GROOTHANDELPRYS

Amanda
083 470 0766

Foot & Body Worx
PENNIE 082 879 4413

Bianca & Mari



Bedank almal vir hulle ondersteuning.

Kyk uit vir toekomstige
spesiale aanbiedings.




Salon Kokan-Mari
Skakel My Gerus
Eloisa
Dankie Vir u Ondersteuning 2021
**Geseënde Kersfees**
Tel: 082 466 6806 - 014 715 2012
07:30 - 12:30

PROFESSIONELE WAARDASIES
DU PREEZ NEL

WAARDEERDERS • TAKSATEURS
VALUERS • APPRAISERS

POSBUS 1182, KOKANJE, 0515
TEL: (014) 715 2338 FAKS: (014) 715 2338 SEL: 083 268 3711

# BLOK 9 SE BLOKBRAAI (NET BOKANT WITKAREE)

Ons het n heerlike blokbraai gehou op Vrydag 5 November 2021. Almal in die blok wat tuis was, het die braai bygewoon. Oud tot jonk was daar, 100% bywoning.


Paula Nienaber, Lynette Erlank, Bekkie Janse van Rensburg

Die tafels was gedek met rooi tafeldoeke en pragtige rosies wat Lynette Erlank handgemaak het van eierhouers. Elkeen het n bakkie slaai gebring, genoeg om van te kies en te keur. Tamatie met pynappel, aartappelslaai, wortel asook macaroni en lekker pap en sous (Jef en Renette) en twee nageregte het die spyskaart voltooi. Van die mans het vir die enkellopende dames gebraai.


Paula & Gustaf Nienaber, Renette Hill


Na die braai het ons heerlik gekuier en koffie en tee gedrink. Daar het 'n heerlike windjie gewaai en dit was en verfrissend buite. Ons het met al die nuwe intrekkers gekuier. Dit was so lekker om hulle almal te sien en om in hierdie Covid-tyd heerlik en gesellig saam te wees.

Almal het na die braai ingespring en gehelp met die skottelgoedwas en opruim van die lapa. Duisende dankies aan Lynette en Renette wat dit vir ons gereël het. Drie hoera's vir julle. Dankie ook aan elkeen wat 'n slaai gebring het en ook aan al die braaiers en vir die pap en sous.

- Elsa van Wyk 94E

Paula Nienaber 94D


Adriaan De Jager


Jurie Schoeman


Mada Botha, Katie Botha, Joey Venter

# KOKANJE MEESTERS-ATLETIEKNUUS

Die afgelope twee jaar het geen formele atletiekbyeenkomste in Suid-Afrika plaasgevind nie – slegs 'n paar virtuele byeenkomste. In Augustus 2020 het Babsie Crafford, Ria Ludick en Annette van Dyk aan 'n virtuele atletiekbyeenkoms hier in Kokanje op ons nuwe worpesirkel, wat ook toe in gebruik geneem is, deelgeneem. Daar is regdeur die Covid-19 tydperk, binne Kokanje regulasies, geoefen.




Die Vrystaat Provinsiale Meestersatletiekbyeenkoms het op Saterdag 30 Oktober 2021 in Bloemfontein plaasgevind en was die eerste byeenkoms wat weer aangebied is. Dit was wonderlik om weer medeatlete van die ander provinsies te sien en saam deel te kon neem! Miggie van der Walt, Ria Ludick en Annette van Dyk het, as deel van die Gauteng Noordspan, aan spiesgooi, skyfwerp, gewigstoot, gewiggooi, hamergooi en Griekse diskus deelgeneem en het gesamentlik 13 medaljes verower - Miggie (3 silwer en 3 brons medaljes), Annette (3 goue en 1 silwer medalje) en Ria (3 goue medaljes).

Die tweede Provinsiale Meestersatletiekbyeenkoms het op Vrydag 12 November 2021 op die Pilditchstadion in Pretoria plaasgevind. Weens persoonlike omstandighede kon Miggie, Ria en Babsie nie deelneem nie. Annette het aan spiesgooi, skyfwerp, gewigstoot en Griekse diskus deelgeneem en het 1 goud en 3 silwer medaljes gewen.

Indien Covid-19 nie weer toeneem nie, behoort die Meestersatletiekseisoen DV vanaf Februarie 2022 weer in volle swang te wees.

Bladsy geborg deur Annette van Dyk



Miggie van der Walt, Sarel du Toit, Annette van Dyk en Ria Ludick

*Geseënde Feestyd!*

**SATELLITE CONNECTION**

**Supply - Repair - Installation**
**All Audio | Video & DSTV Systems**

www.satelliteconnection.co.za 014 717 1551 / 082 494 3132

**Pikkie Meubelvervoer**
Sedert 1975. **LANDSWYD**



**Bestuur self en toesig vir u gemoedsrus**
**Geregistreerde vervoer met TOE meubelwa**

Opberging en versekering
**Tel: 014 717 3101 of 082 557 0511**
**Strydomstr. 4, Modimolle (Nylstroom)**

*Solitaire Hair by Mariana*

*Sel: 072 823 2806*
*1A Eland Street, Nylstroom*

Solitaire: Gemstone | Jewel | Sparkler | Diamond | Single Stone | Precious Stone

**KOM BESOEK ONS GERUS VIR 'N PRAGTIGE NUWE SOMERVOORKOMS!**

**ARLEX PARFUUM BESKIKBAAR**
**R 220.00 MANS & VROUE PARFUUM**



*Plaas Naels*
Gel overlay, Gel Tone, Pedikuur
Eland str 1A, Modimolle
Corinne 082 46 83 803

# BRIEWE EN BOODSKAPPE

## Die Wonderlike Werkswinkelpersoneel

Ek praat met 'n vriendin wat ook geneig is om na 'n griffel te gryp as mens jou gedagtegang wil formuleer. Covid het die skryf gesteel – 'n mens is leeg, dof en altyd onseker of die regte waarheid op die papier sal land.

Skynbaar is die inwoners besig om die drade op te tel – baie dankie daarvoor. Omdat 'n mens dikwels huisgebonde is, hoor jy die kraan wat drup – sien jy die watermerk in jou huis, die gebarste teël en die nesmakery van die *toeras* op jou dak.

Die diens wat die Werkswinkel lewer onder leiding van Nikki Stratford is van uitstaande, ongelooflike, onmiddellike betrokkenheid by jou probleem. Dankie tog ek sit nie in 'n dorp nie! Covid het ons genoeg tyd gegee om met waaragtige waardering te kyk na ons verblyf op Kokanje. Werklik sorgeloos met professionele dienste by jou sitplek.

Dankie personeel en bestuur van ons Werkswinkel.

## "Die virus trek soos 'n brand deur my lyf"

– Dana Snyman, 17 Julie 2021

Dana, geluk met jou pragtige reis saam met die virus – alles is waar, alles is die reine waarheid – maar die virus trek soos 'n brand deur my kop en deur my hart. Selfs die Vicks in 'n stomende skottel water gee nie vir my die antwoorde wat jy gekry het nie.

My talle Kokanje-vriende is aangeraak deur hierdie onsigbare monster. Almal is bang, onseker en sommige harte is stukkend. Die *"brand in jou lyf"* is seker die kern van die mens se binneste – jou gevoel – hoe moet ek voel? – hoe moet my vriende voel? – waar dwaal mens se gedagtes rond? Ons beleef ons vriende se brandpyn in hulle lywe net vir 'n oomblik, om net weer plek te maak vir die volgende brandpyn.

Hierdie virus lê nie met sy knie op jou nek nie. Daar is 'n antwoord op hierdie dieper onsekerheid. Glo onteenseglik in Waar jou hulp vandaan kom.



**Maureen Neethling – 100F**

Gewese lid van onder andere die:

Bestuurskomitee

Kultuurkomitee

Sosiale klub-komitee

Kolligredaksie

Stapklub

Voedseldiens

## Aan Gert Kruger

Namens die inwoners van Kokanje, hartlike dank aan Gert Kruger vir sy jare lange getroue en toegewyde diens aan die mense van Kokanje. Ons het met skok verneem dat hy die tuig as lid van die Bestuurskomitee neergelê het.

- Anonieme Inwoner

## Voorspoed, Wessel

Aan Wessel van Heerden wat sy bedanking ingedien het na talle jare van uitstaande diens as Uitvoerende Bestuurder van Kokanje, wens ons as inwoners gesondheid en voorspoed toe.

- Anoniem


PROUDLY MADE IN SA
Reënboog
FRUIT & VEG
BUTCHERY
Nylstroom/Modimolle 014 717 4208 / 083 608 5299
reenboog.veg@gmail.com
Nylstene Business Park 8 - Nelson Mandela Dr
VISIT US
FOR A FRESH CHOICE
OF SEASONAL
FRUIT & VEGETABLES
AND MEAT CUT
TO PERFECTION


078 873 4914
bosveldglas9@gmail.com
BOSVELD
GLASS
082 821 9619
105B Thabo Mbeki Str. Modimolle, 0510
014 717 2693
Geseënde Feestyd


Geseënde
Feesseisoen
Ons het iets vir almal!
Bring AL jou familie en vriende en kom geniet sommer iets lekker om te eet en drink in die koffiewinkel!
hunky
dory
117 Nelson Mandela dr. Modimolle | 083 490 8598


Hannelie de Beer
Fisioterapie
(Praktyk nommer: 961906)
Nuwe Fisio in Nylstroom en Warmbad
Bekwame terapeut met oor 15 jaar werksondervinding
in Suid Afrika and Australië
In Nylstroom reg oorkant rolbalbane
en in
Warmbad langs Natspat Swem
akademie!
DOEN OOK TUISBESOEKE
Kontak gerus 078 426 9685 vir enige navrae.
hdebeerphysio@gmail.com

# JUKSKEI OP ERFENISDAG - 'N WENNER

Op 24 September vanjaar het beide die terme *"jukskei"* en *"erfenisdag"* vir baie, ongeag wat jou benadering daaroor was, nuwe betekenis gekry;



want sien, op hierdie sonnige dag het ses spanne die juk van die langdurige Covid-beperkings afgegooi en by ons jukskeibane saamgetrek om aan 'n Pretdag op kompetisiebasis deel te neem. Die spanne wat laer getrek het was Canasta, Gimtrim, Pluimbal, twee spanne van Rolbal en BK. Canasta is gepas asook kleurvol "toegedraai" en lyk of hulle weet wat vir hulle voorlê. Jukskei se klublede kan egter nie deelneem nie – hulle is almal onder leiding van hul *"touleier"*, Pieter Matthyser, verantwoordelik vir die programreëlings, asook om as baanbeamptes die goeie orde tussen die deelnemers en toeskouers te handhaaf. Hulle mag egter *"geen afrigting"* doen nie.

Vanuit die staanspoor begin die pret en lekker lag. Ons leer gou wat 'n *"lê"*, 'n *"pen"*, 'n *"skof"* en 'n *"bars"* beteken, asook in watter rigting die skei



gegooi moet word. Een van die skoner geslag slinger hom sommer na die oorhangende boomtakke. 'n Ander plaasvervanger word uit die bed na die baan ontbied; het net genoeg tyd om dagklere aan te trek en die daaglikse pilletjie te sluk. Skeie van die betrokke persoon is aanvanklik op koers, maar mettertyd word 'n *"al hoe hoër vlak van spel"* bereik met gooie wat selfs die jukskeigat haal. Na berig word was die pilletjie, inderhaas gesluk, toe 'n slaappil, maar beslis nie 'n pretbederwer nie. Dit het eerder daartoe bygedra om die *"wa deur die drif te trek"*! Deurgaans is daar tussen ons en die opponente met die baanbeamptes geskerts (een nogal 'n emeritus predikant) wat ons pal *"gemotiveer", "aangeprys"* en *"touwys"* gemaak het. Daar is ook *"wenke"* en *"raad"* onbeskaamd deurgegee wat nooit as die verbode *"afrigting"* getipeer sou kon word nie.

Hoe meer bedrewe ons egter geraak het, hoe lekkerder het dit geword – veral met Klank en Beeld se voetejeuk-musiek en nadat dit rugbaar geword het dat koeldrank en water, net so goedkoop as bier, beskikbaar is. Goeie "lêe" is sommerso met gemaakte heildronke, met skeie omhoog, geklink. Soos met die "klap van 'n sweep"



word "rem aangedraai" as die fluitjie blaas en moet ons bymekaarkom vir die uitdeel van die pryse. Canasta is die waardige wenners. Ons span is laaste en ontvang elk 'n pakkie lekkertjies. Heimlik dink ek: agteros kom ook in die kraal, maar dat elke span eintlik 'n wenner was wat óf die meeste potensiaal getoon het, óf die Pretdag ten beste tot sy reg laat kom het. Ek wil nie hierdie geleentheid volgende jaar misloop nie, al is dit dan net om gesellig saam te verkeer en die lekker pap en wors asook worsbroodjies te geniet!

- Tiaan Crafford (Rolbalspan1)

Die HAT beskryf "jukskei" soos volg: 1. Houtpen wat deur die skeigat in 'n juk gesteek word aan elke kant van 'n trek-os se nek en met 'n strop onder die keel van die dier vasgebind word om die juk in posisie te hou. 2. Spel waarby spelers met skeie na 'n pen wat in die grond geplant is, gooi en probeer om 23 punte ('n skof) te behaal.

# KOKANJE AFTREEOORD: KLUBS EN BELANGEGROEPE

**KUNS EN "CRAFT"-KLUB**
Sportsaal
Donderdae 09:00 tot 12:00 – Olieverf, waterverf, potlood, houtskool, mosaïek, ensovoorts
Kontakpersoon: Marina du Plessis 117C
082 825-5723

**LYNDANSKLUB**
Sportsaal (Lapa, wanneer beskikbaar)
Dinsdae 16:00 tot 17:00.
Woensdae 12:30 tot 14:30.
Donderdae 16:00 tot 17:00.
Kontakpersoon: Jenny van der Merwe 44C
082 920 1167
E-pos: jpjenvan@gmail.com

**MOTORDIENSKLUB**
Motordienswerkplek
Geen vaste tye. Lede gebruik die geriewe d.m.v. afsprake wat in 'n dagboek aangeteken word.
Kontakpersoon: Pierre Krügel 97A
082 678-4071
E-pos: pierrekrugel1@gmail.com

**NAALDWERKKLUB**
Sportsaal
Maandae 14:00 tot 16:00.
Kontakpersoon: Jenny van der Merwe 44C
082 920-1167
E-pos: jpjenvan@gmail.com

**PLUIMBALKLUB**
Sportsaal
Maandae en Woensdae 16:00 tot 18:00.
Vrydae 15:00 tot 18:00.
Kontakpersoon: Annette van Dyk 30D
072 129-7585
E-pos: Anetvd18@gmail.com

**ROLBALKLUB**
Rolbalbaan
Maandae, Woensdae en Vrydae.
Sien somer- en winterspeeltye op inligtingsbord.
Kontakpersoon: Jean du Plessis 6E
076 533-3728
E-pos: jeann.du.plessis@gmail.com

**SOSIALE KLUB**
Kokanjesaal
Elke Vrydag 17:00 tot 18:00.
Kontakpersoon: Yvonne Kotzé
082 653-5496
E-pos: ymkotze@gmail.com

**TAFELTENNISKLUB**
Sportsaal
Dinsdae en Donderdae om 14:00 tot 16:30
Kontakpersoon: Susan Miller 28A
082 477-7667
Gebruik posvakkie

**TAPHUIS**
Taphuis
Elke weeksdag vanaf 10:45 tot 12:15 en op aanvraag tydens funksies.
Kontakpersoon: Hoffie Hoffmann 101C
060 325-5011
E-pos: hoffietjie@gmail.com

**TENNISKLUB**
Tennisbaan
Spel word onderling gereël soos dit spelers pas.
Kontakpersone:
Maks Verhage 43E
084 998 4396
E-pos: keesverhage@telkomsa.net
Rina Chisholm 03E
082 338 7932

**VOETSLAANKLUB**
Bymekaarkomplek: Parkeerarea, eerste Vrydag van elke maand.
Uitstappiebesonderhede op 'n bord in die voorportaal
Kontakpersone:
Gert van Heerden 112D
082 566-3016
E-pos: dsgvanheerden11@gmail.com
Francois Hendriksz 58D
076 481-2478
E-pos: hendrikszf8@gmail.com

# WAAR IS ONS GHOEN?

Ek onthou nog hoe lekker ons kleintyd te Otavi (Namibië) ondanks geen munisipale krag- en watertoevoer was. By kerslig is daar geleer klank en lees en water was uit ons eie boorgat met ‘n windpomp.

Ek en my jonger boetie, Kobus, het nie ’n pennie sakgeld op ons name gehad nie, maar ons was ryk – skatryk. Ons rykdom was ons albasters en een ysterghoen – blink, koeëlrond en effens groter as die albasters. Ons het dit elke dag bewonder. Om dit meer na ’n versameling te laat lyk, het ons dit saam ’gepoel’ en ’ons skat’ in ’n *’Ouma Meelblom’*-blik bewaar. Ons het kranige albasterspelers geword en elke dag die albasters wat ons by ons maatjies gewen (*’gerob’*) het, in die blik gesit. Een van die maats was nogal Niël Barnard, min wetend dat hy eendag die hoof van die Nasionale Intelligensiediens in Suid-Afrika sou word.



Die *'Albasterkompanjie'*, 1953: V.l.n.r.: My boetie en ek.

Ek was in Sub A en Kobus moes tydens skooltyd die blik oppas. Eendag is die ghoen skoonveld. Ek konfronteer hom en hy maak ’n ’konfessie’. Om die ghoen nog blinker te kry, het hy daarmee in sy mond gespeel, ’n glips gehad en dit ingesluk. *“Dit was nie ’aspris’ nie ’troes njannies’”*. Ek was tevrede. Ons het immers nog die ghoen – die skat is net verborge. Hy mag egter nie ’n draai by die *’long drop’* maak nie. Hy moet telkens onder die peperboom langs die hoenderhok sy *’ding doen’*. Na elke okkasie krap ek met ’n stokkie daarin.

Op die derde dag – *eureka!* – daar is hy, nog ongeskonde en blink.

Nodeloos om te sê, Kobus het die ghoen nooit weer in sy mond gedruk nie. Vandag, na ongeveer 65 jaar, wonder ek of ons nie die albasterspel van toeka se dae weer by ons seuns en kleinseuns kan laat herleef nie.

Hoe lyk dit manne van Kokanje? Dis mos goedkoper as gholf. Gilbert K Chesterton sê immers: *’I regard gholf as an expensive way of playing marbles!’*. Die enigste kwessie is egter: **Waar kry ons die ghoens van ouds?**



Tiaan Crafford 110D





# Ons koop

## bakkies, karre

### karavane, waentjies

**Derrick 0836580986**

doen alle papierwerk namens verkoper

**SKOONMAAK VAN:**
**MATTE**
**SITKAMERSTELLE**
**EETKAMERSTELLE**
**VOERTUIG SITPLEKKE**
**ENIGE STOFFERING**

**GOU DROOG, EIENAAR TOESIG.**
**14 J DIENS**
**DERRICK 0825397168**



## Waterberg Quickdry

**PRETORIA OOGINSTITUUT**
**PRETORIA EYE INSTITUTE**

## Dr Johann Grobbelaar

Oogchirurg / Eyespecialist
Pretoria Eye Institute, Suite 219, Schoemanst 630

Nylstroom–Elke 2de Vrydag by Dr Veldman se kamers

Tel: 012 343 8333/ 5
docgrob@mweb.co.za

Nylstroom 012 343 8333
Brits 012 343 8333

PJ MOTORS

AUTO SERVICE & REPAIRS

*Petrol & Diesel Vehicles and Trucks

*Engine Installations | Petrol & Diesel

*Vehicle Diagnostics

Fault Finding & Repair

Tel: 014 718 4004/3

Cell: 082 928 1088

Cell 2: 074 248 3601

Email: info@pjmotors.co.za

P.O Box 3525 | Lilian Ngoyi Str

Modimolle 0510

# KOKANJEKOOR-NUUS

Kokanje is ’n aftreeoord wat nooit nalaat om sy inwoners te verras nie. As gevolg van voortdurende nuwe intrekkers met nuwe idees, gawes en talente, is daar telkens iets nuuts om na uit te sien.

So is dit dan ook met ons jongste toevoeging tot die musikale sy van Kokanje. Mimi de Villiers en haar man Deon het ons kom verras met hulle passie vir musiek. Skaars was hulle inwoners of Mimi begin voelers uitsteek om ’n Kokanje- gemengde koor tot stand te bring. Mimi is nou nie ’n ”musieklike” wat om elke hoek en draai te vinde is nie! Sy is ’n ervare en gewaardeerde afgetrede musiekonderwyseres wat vir vele hoogtepunte in haar loopbaan gesorg het. Sy word deur ’n ywerige Deon ondersteun. Hy is ’n trompetspeler in eie reg en help waar hulp ook al nodig is. Daarby het Mimi ’n wonderlike gawe om almal spesiaal te laat voel. Baie lag en empatie kom vanself daarmee saam.

Dankie Mimi en Deon vir julle opofferings en harde werk om vir ons die Kokanjekoor tot stand te bring. Nuwe lede is ook altyd welkom om saam met ons te bou aan ’n koor om op trots te wees.



Hannetjie Boshoff
Kokanjekoor-lid

# DIE GALSTEENSANGERS DEBUTEER BY DIE DE WILDT KASTEEL

Wat veronderstel was om ‘n stemmige VLU-afsluiting te wees, “loop toe skeef”. Die stylvolle voorsitster van die Nylstroom VLU, Wilma van den Heever, was nog besig om die lede welkom te heet, toe is daar konsternasie in die kasteel. ‘n Raserige-maar-ook-sku groep individue kom deur die roostuin aangestrompel agter ’n fier-regop begrafnisondernemer (Chris Brits) aan:



Hierdie foto was onbepland: Peter Hine was besig om te sing

‘n Weduwee in swart geklee met ’n as-kissie onder die arm (Marina du Plessis); twee sussies wat ‘n kombers en ‘n verslete lappop sleep (Helene Booyzen en Pennie Maré); ’n ou man met ’n help-my-sterk-lyk-hempie (Fanie Pretorius); ’n tannie met ’n pers kantrok, groen tjalie en pienk handskoene (Ina Pretorius); ’n stylvolle man met ‘n das en swart leerbaadjie (Peter Hine); nog ’n deftige man met ‘n swart broek, helder strepieshemp, strikdas en rooi hoed en kruisbande (Schalk Vorster); ’n veel jonger knaap in kakie (Innes Vorster).

*‘Kan ons help?’* vra Wilma ewe ordentlik. ‘Ja,’ sê ’n wulpse vrou met ‘unmentionables’ wat by haar tas uithang (Louise Taute). *‘Ons het verdwaal — moes nou al in Naboom gewees het. Ons sing om ‘n geldjie te maak. Kan ons nie maar vir julle sing nie?’* Sy stel die ongenooide karakters, hulle verwantskappe en skandes aan die VLU-lede voor (om simpatie te kry) en hulle begin sing. Die harmonieë is soet en die bui is meestal vroom-ingetoë maar soms, vir oomblikke, onverwags uitspattig.

Die groep probeer seker, maar slaag nie daarin om die onvolmaaktheid en onreinheid in hulle verhoudinge weg te steek nie. Hier en daar blyk vatterigheid, afgunstigheid, kinderagtigheid, vertonerigheid en verleentheid — soos elke karakter met sy eie persoonlikheid en agtergrond worstel. Dis hoofsaaklik hul familiebande en die behoefte om ’n geldjie te maak met musiek (...en ’n tikkie wellus) wat hulle saambind.

Die Engelsman met die swart leerbaadjie en die jongman in kaki kry later kans om op hul eie te spog met hulle sang en toe volg ’n heerlike VLU-middagete. Die gehoor vra tydens ete vrae oor die groep se agtergrond en toekoms en leer ken ’n klein bietjie van die mense agter die strak gesigte en uiteenlopende kostuums. ’n Heerlike uitstappie!

# HENK EN SUSIE WILCOCKS VAN 55B: 70 JAAR SAAM

Ek (91 jaar) en Susie (88 jaar), herdenk op 1 Desember 2021 ons 70e troudag. Ons huwelik is destyds in die Irene Kerk (Johannesburg-Oos NG Kerk), voltrek.

Uit hierdie huwelik is 3 kinders gebore. Henk, Marietjie en Susan. Gesamentlik is daar 6 kleinkinders en 6 agterkleinkinders.

Ek het op 60-jarige ouderdom met pensioen afgetree. Ons woon sedert September 1990 in Kokanje. Dit was 'n goeie besluit. Ons sal Kokanje altyd met vrymoedigheid en trots aanbeveel.

Ons geniet albei, danksy genade van ons Hemelse Vader, steeds goeie gesondheid.

My werksloopbaan van 40 jaar was toegewy aan die mynboubedryf. Gedurende 1976 tot 1980 was ek as mynboukonsul werksaam in Iran – voorwaar n loopbaanhoogtepunt vir my!

'n Spesiale woord van dank aan my geliefde eggenote, Susie, vir haar ondersteuning en opoffering gedurende ons huweliksjare. Ek is steeds lief vir jou!

Henk Wilcocks, 55B



# ONS FOTOBELEID

Kollig plaas graag foto's – en veral oor Kokanje se mense, dit wat vir hulle belangrik is, ons aftreeoord en sy fauna en flora.

Met vandag se kameras en selfone is dit baie makliker om goeie foto's te neem as toe ons kinders was. Maar vandag steeds is sommige foto's goed en sommiges minder so.

In Kollig wil die lesers die mense van Kokanje op 'n foto kan herken - of hulle kan *leer* ken. Daarom moet ten minste sommige van die mense op 'n foto se gesigte van naby genoeg en goed belig afgeneem wees. Tweedens moet die herkenbare mense op die foto se name en vanne aan die redaksie verskaf word, met die oog op byskrifte.

Aanvaar asseblief dat foto's van 'n groep mense waar nie eens een uitgeken kan word nie (bv. almal van agter af afgeneem), waarskynlik nie geplaas sal word nie - tensy die foto op 'n ander manier iets mooi of interessant uitbeeld.

Alle foto's moet sovêr moontlik in kleur aan die redaksie verskaf word – alhoewel foto's in die gedrukte (papier-) Kollig, vir finansiële redes, dikwels net in swart en wit geplaas kan word.

Die redaksie behou die reg voor om foto's te *"crop"* – dit wil sê om dele van 'n foto se kante "af te sny" sodat slegs die fokuspunt(e) van die foto oorbly.

Baie van ons het deesdae slimfone wat lieflike foto's neem...

Lesers van die Digitale Kollig:
Klik hier vir 10 wenke oor beter slimfoonfoto's

# LYNDANSKLUB



Dit was 'n baie moeilike jaar vir ons dansers met die virus wat ons gekniehalter het. Nogtans met die groen lig was ons weer vuur en vlam en terug op die dansvloer. Wat 'n lekkerte!

Daar is deesdae soveel verskillende vorms van oefening dat dit genoeg is om enigiemand wat dalk nog wou probeer, die skrik op die lyf te jaag. Lyndans is nie net fisiese oefening nie maar beslis ook oefening vir die brein.

Nuwe intrekkers as julle jonk en fiks wil bly kom sluit aan by die Lyndansklub.



Dit is nooit te laat om aktief besig te raak nie. Lyndans is nie net oefening nie: dis oefening met hope pret.

Die Lyndansklub groei met rasse skrede. Die lapa word eintlik nou te klein vir sommige groepe. Dinsdag is dansdag en ons wag vir julle.

Vir enige navrae kontak Claudina by 072 447-7542.

- Lorina Burger

# LEEF EN LAAT LEEF

Ons almal het basiese regte wat gerespekteer moet word. Dit geld ook vir kommunikasievoorkeure.

Inwoners van Kokanje wat nog nie die nuwe maniere van kommunikeer ("digitaal") baasgeraak het nie en boonop nie daarin belangstel nie, het *die reg* om op die ou maniere te kommunikeer (praat; luister; papier gebruik vir lees en skryf) — en om sulke kommunikasie te ontvang.

Inwoners wat, vir watter redes ook al, digitale kommunikasie verkies, het *die reg* om daarvan gebruik te maak — ongehinderd en sonder verwyt.

Die lewe sou eenvoudiger gewees het as ons almal van dieselfde goed gehou het, maar dit is nou maar eenmaal nie die werklikheid nie. Gelukkig is dit glad nie onmoontlik vir twee kommunikasiestelsels om saam te bestaan nie — mits daar wedersydse respek en konsiderasie is:

Seker die belangrikste voorbeelde is:

- Die "nie-digitales" moet verdra dat daar ook digitale stelsel gebruik word waar kommunikasie goedkoper en vinniger bedryf word (waarvan hulle nie deel is nie). Dis nie altyd lekker nie.
- Die "digitales" moet begrip en respek hệ vir die feit dat hulle plek-plek moet help om nie-digitale kommunikasie (wat duurder mag wees), in stand te hou. **Leef en laat leef!**

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE KOKANJE HOUTWERKKLUB

Houtsnywerk word as een van die oudste kunsvorm beskou. Dit dateer reeds uit die Steentydperk toe die oermense met skerpgemaakte klippe en boomstamme begin het om beelde te maak. Die oudste beeldjie is in 1860 in Egipte ontdek en dateer volgens navorsers uit die jaar 2600 voor Christus.

In 2003 stig Susan en Victor Hugo 'n houtwerkklub in Kokanje. Susan was 'n gerekende en bekende houtsny-instruktrise toe hulle hier intrek. In 2004 word begin met die eerste klasse, met 'n handjievol studente. Die klub sluit in 2004 by die SA Nasionale Houtsnyersgilde aan. Van 2004 tot 2007 word 59 inskrywings ingestuur vir die jaarlikse Gildekompetisie. 53 pryse word gewen waarvan 24 Nasionale trofeë was. Wat 'n merkwaardige prestasie vir so 'n jong klub.

In 2008 besluit die klublede om nie meer aan die gilde te behoort nie aangesien hulle dan meer kunstenaarsvryheid sou hê; slegs hul stokperdjie kan beoefen en almal meer ontspanne wees.

**Internasionale betrokkenheid**

Die klub het egter wêreldwye kontak deur middel van tydskrifte en veral die bekroonde *"Chip Chats"*-tydskrif waarin artikels en werkstukke van Kokanje Klub reeds gepubliseer is.

Dit het 'n nuwe onversadigde ruimte vir die kreatiewe houtsnyers geskep. Die aktiwiteit staan deesdae bekend as *"Skilder in Hout"* (Artistry in wood).

Omdat die klub in 2010 lidmaatskap verkry het van die *National Wood Carvers Association*, het 'n nuwe wêreld oopgegaan.




Die veelbesproke hoenderhaantjie (ontwerp deur Susan Hugo) met 10 krulle en 10 verskillende blare, wat deur alle klub-beginners gedoen word as laaste oefenplankie voordat jy "losgelaat" word om jou eie ding te doen, het die buiteblad van "Chip Chats" gehaal. 'n Groot prestasie.

**Wat gebeur tans**

Weens die afsterwe van Susan bestaan die klub tans net informeel. Belangstellendes kan egter steeds Maandae van 09:00 af in die verkoopslokaal kom inloer.

- Adri van Tonder



IN TYD VAN
SMART
kan u op ons staat maak vir 'n hoë vlak van integriteit en respek terwyl ons vir u en u geliefde sorg
STATUS
FUNERAL HOME, CREMATIONS & CHAPEL
Wishing you a Blessed Christmas and a happy New Year
INTEGRITEIT, WAARDIGHEID, DIENS
DIENSTE
BEGRAFNISSE
VERASSINGS
VERVOERDIENSTE
H/V Chrome & Allooi Straat - Modimolle Industriële Gebied
Tel: 014 717 1808 • 24-uur Bystand: 081 853 2665
info@statuscrematorium.com • www.statusfunerals.com • @StatusFuneralHome

Care Box






***Sometimes all we want to do is send someone a hug and let them know we're thinking about them…***

CareBox is a small heartfelt gifting business with a personal touch.

Please visit our website: https://carebox.co.za/ or send an email to hello@carebox.co.za.

FREE



## ONS DIENSTE

- GRATIS Gehoorsiftings
- Diagnostiese Gehoortoetse
- Wye reeks van Gehoorapparate
- Skoonmaak van Gehoorapparaate
- Batterye & Bykomstighede
- Gehoorbeskerming
- Gehoordienste in die gemak van u eie huis

*T's & V's Geld*

*Alle mediese fondse welkom*

015 307 1800 | tzaneen@k2h.co.za

49 Burger Straat | Polokwane

Coetzee, Moolman & Associates: 0304115

Professionals in hearing

kind 2 Hearing

## POSTNET MODIMOLLE

R99 Incl. Vat

0-5kg Countrywide

Delivery within 2 - 3 working days*
Over 340 locations

- Affordable
- Reliable
- Secure
- Track your parcel
- SMS notification
- Peace of mind



*Please allow 1 extra delivery day for outlying areas.
Maximum Actual Weight 15kg. Maximum Volumetric Weight 15kg. Terms and Conditions Apply.

101 Nelson Mandela Street, Modimolle, 0510
Tel: 014 717 3440 • F2E: 086 206 4161 • Fax: 014 717 3400
Email: modimolle@postnet.co.za
Website: http://modimolle.postnet.co.za

POSTNET Courier

Domestic Courier:
- PostNet 2 PostNet
- PostNet 2 Door
- Road & Air Freight
- Domestic Overnight
- Insurance
- International Courier:

International Air Freight:
- Global Mail
- Excess Baggage
- Authorised DHL Outlet
- Parcel Tracking via Web